

UOVS - BIBLIOTEK



198802170701220000019

HIF
 G
 Bibli

**NUWE LAKTONE EN ENANTIOSELEKTIEWE
SINTESE VAN α — HIDROKSIDIHIDRO-
CHALKONE UIT
*Pericopsis elata***

*Verhandeling voorgelê ter vervulling van die
vereistes vir die graad*

MAGISTER SCIENTIAE

*in die Fakulteit Natuurwetenskappe,
Departement Chemie
aan die
Universiteit van die Oranje-Vrystaat,
Bloemfontein*

deur

ANNELIE SWANEPOEL

Studieleier: Prof. D. Ferreira
Medestudieleier: Dr. B.C.B. Bezuidenhout
UNIVERSITY OF THE ORANGE-FREESTATE
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

Oktober 1987

Universiteit van die Oranje-Vryst.
BLOEMFONTEIN 1

28 JUN 1988

T 547.7 SWA

BIBLIOTEK

Dankbetuigings

Hiermee wens ek my opregte dank en waardering te betuig aan:

Professor D. Ferreira en dr. B.C.B. Bezuidenhout as studieleiers, asook professor D.G. Roux vir bekwame leiding, opbouende kritiek en bereidwillige hulp tydens hierdie studie;

Professor E.V. Brandt en dr. D.A. Young vir die afname van KMR-spektra;

Dr. J.M. Steyn, Departement Farmakologie, U.O.V.S. vir die afname van massaspektra en akkurate massabepalings;

Professor G. McGillivray (UNISA), vir tegemoetkoming met die voltooiing van hierdie proefskrif;

Mede-nagraadse studente, in die besonder Abrie Augustyn en Cathy Bezuidenhout vir 'n aangename gees van samewerking;

Mevv. J. Soskolsky en E.W.J. Baransky vir bekwame tikwerk;

My skoonouers, my man, Pieter, familie en vriende vir volgehoue belangstelling;

My ouers, aan wie hierdie werk opgedra word as 'n geringe blyk van waardering vir hulle liefde, aanmoediging en finansiële bystand tydens my studiejare.

A.S.

'n Gedeelte van hierdie M.Sc.-verhandeling het gelei tot die volgende publikasie waarna daar nie in die bespreking verwys word nie:

THE FIRST ENANTIOSELECTIVE SYNTHESIS OF POLY-OXYGENATED α -HYDROXYDIHYDRO-
CHALCONES AND CIRCULAR DICHROIC ASSESSMENT OF THEIR ABSOLUTE CONFIGURATION

Barend C.B. Bezuidenhoudt, Annelie Swanepoel, Jan A.N. Augustyn en
Daneel Ferreira, *Tetrahedron Letters*, 1987, (aanvaar).

INHOUDSOPGAWE

SAMEVATTING.....	1
HOOFSTUK 1 : INLEIDING.....	3
HOOFSTUK 2 : LITERATUUROORSIG	
Sintese en omskakelings van	
α -hidroksidihidrochalkone en	
sekere isoflavonoïede	
2.1 Inleiding.....	6
2.2 α -Hidroksidihidrochalkone.....	7
2.3 α -Metieldeoksibensoïene en	
verwante verbindings.....	15
2.4 Isoflavanone.....	20
2.5 Isoflavone.....	28
2.6 Biogenese van isoflavone en	
verwante isoflavonoïede.....	39
HOOFSTUK 3 : EKSPERIMENTEEL	
3.1 Standaard eksperimentele tegnieke.....	56
3.1.1 Chromatografiese metodes.....	56
3.1.2 Sproeireagense.....	57
3.1.3 Chemiese metodes.....	57
3.1.4 Spektrometriese en spektroskopiese	
metodes.....	58
3.1.5 Smeltpunte.....	59
3.2 Fitochemiese ondersoeke na kernhout-	
komponente van <i>Pericopsis elata</i> (Harms).....	59
3.3 Sintese van 7-hidroksi-4'-metoksi-	
isoflavanoon.....	75
3.4 Enantioselektiewe sintese van α -hidroksi-	
dihidrochalkone.....	82

HOOFSTUK 4 : BESPREKING

4.1	Inleiding.....	89
4.2	Isoflavone.....	93
4.3	Isoflavanone.....	96
4.4	Stilbene.....	99
4.5	α -Hidroksidihydrochalkone.....	101
4.6	Butenoliede	103
4.7	Sintese van 7-hidroksi-4'-metoksi- isoflavanoon.....	109
4.8	Enantioselektiewe sintese van (<i>R</i>)- en (<i>S</i>)- α -hidroksidihydrochalkone.....	115

SPEKTROMETRIESE GEGEWENS

Sirkulêre dichroïsme spektra (SD)	Plaat 1-8
Kernmagnetiese resonansspektra (KMR)	Plaat 1-41
Massaspektrometrie (MS)	Skema I-XXI

BIBLIOGRAFIE

SAMEVATTING

'n Wye verskeidenheid flavonoïede wat reeds uit *Pericopsis elata* (Harms) en ander *Pericopsis* spp. geïsoleer is, asook 'n aantal bekende verbindings nl. isoflavone soos daidzein en pratensein, 'n flavanoon nl. (*R*)-narengenin, isoflavanone bv. (\pm)-7-hidroksi-4'-metoksi-isoflavanoon en ferreirin en 'n chalkoon, isoliquiritigenin wat nie voorheen uit hierdie bron verkry is nie, is na asetilering van fraksies, as asetate tydens hierdie ondersoek gevind. 'n Aantal bekende verbindings, soos 4',6,7-trimetoksi-isoflavoone, en twee stilbene nl. 3,4',5-trihidroksi- en 3,4',5-trihidroksi-3'-metoksi-*trans*-stilbene is vir die eerste keer uit *P. elata* geïsoleer.

Na asetilering van relevante fraksies is twee nuwe α -hidroksidihydrochalkone, t.w. (*R*)- α ,2',4'-tri-asetoksi-4-metoksi- en (-)-(*R*)- α ,2',4,4'-tetra-asetoksidihydrochalkoon, waarvan lg. as die (+)-enantiomeer bekend is, en die nuwe 2',7-di-asetoksi-4',6-dimetoksi-isoflavoone geïsoleer. Hierdie verbindings word vergesel van twee unieke butenoliedderivate, 3-(2,4-di-asetoksifeniel)-4-(4-asetoksibensiel)- en 3-(3,5-di-asetoksistiriel)-4-(metiel asetoksi)-2-buten-4-oliede. Gevorderde KMR-tegnieke het die vaststelling van strukture moontlik gemaak.

Ten einde die absolute konfigurasie van die twee α -hidroksidihydrochalkone te bepaal is 'n enantioselektiewe sintese vir beide (*R*)- en (*S*)-dihydrochalkone ontwikkel. Epoksidasie van 2',4'-di-*O*-metoksimetiel-4-metoksichalkoon deur benutting van poli-L-alanien as katalisator het tot die (2*R*, 3*S*)-chalkoon-epoksied (ee 70%) gelei, terwyl benutting van poli-D-alanien tot die (2*S*, 3*R*)-enantiomeer (ee 36%) gelei het. Reduktiewe ringopening van hierdie epoksiede het tot (*R*)- (ee 65%) en (*S*)- (ee 35%) α -hidroksi-2',4'-di-*O*-metoksimetiel-4-metoksidihydrochalkone onderskeidelik gelei, waarna bensoïelering die onderskeie (*R*)- (ee 73%) en (*S*)- (ee 38%) bensoïelesters gelever het. Deur toepassing van die SD "exciton chirality approach" is die voorkeurkonformasie van die α -bensoïeloksidihydrochalkone vasgestel en kon hierdie metode dus algemeen vir definisie van die absolute konfigurasie van α -hidroksidihydrochalkone benut word. Aangesien die SD-spektra van α ,2',4'-tri-asetoksi-4-metoksi- en α ,2',4,4'-tetra-asetoksidihydrochalkoon Cotton-effekte (λ_{233} , $-2,0 \times 10^{-4}$; λ_{237} , $-1,9 \times 10^{-4}$ respektiewelik) feitlik identies aan dié van (*R*)- α ,2',4'-tri-asetoksi-4-metoksidihydrochalkoon (λ_{233} , $-2,0 \times 10^{-4}$),


verkry deur suurhidrolise van die 2',4'-di-*O*-metoksimetielgroepe gevolg deur asetilering van (*R*)- α , 2',4'-trihidroksi-4-metoksidihidrochalkoon, gelewer het, is 'n (*R*)-konfigurasië ook aan hierdie verbinding toegeken.

Die sintese van 7-hidroksi-4'-metoksi-isoflavanon is voorts aangepak om, in teenstelling met vorige onsuksesvolle pogings, aan te toon dat isoflavonofede wel deur siklisering vanaf oopketting verbinding verkry kan word. Etoksimetilering van 2,4-dihidroksi-4'-metoksiedeoksibensofen gee aanleiding tot die ooreenstemmende α -hidroksimetieldeoksibensofen waarna tosilering en suurgekataliseerde ringsluiting van die tosielester tot die ooreenstemmende isoflavanon gelei het.

HOOFSTUK 1

Inleiding

Hoewel geen flavonoïed fisiologiese aktiwiteit vergelykbaar met dié van medisinale preparate soos bv. β -laktame, vertoon nie, speel hierdie groep natuurprodukte tog 'n uiters belangrike rol in plante en tree hulle as fito-aleksiene sowel as insekweeders op. Die aktiwiteit van flavonoïede is egter nie tot die planteryk beperk nie, maar word ook by diere waargeneem. Só, bv. vertoon daidzein [1] o.a. uit *Pericopsis elata* antispasmodiese en isoflavone [2] - [6] anti-hemolitiese aktiwiteit¹.






nommer	isoflavoon	substitusiepatroon			
		R ¹	R ²	R ³	R ⁴
[1]	daidzein	OH	H	H	H
[2]	3'-hidroksidaidzein	OH	H	H	OH
[3]	demetieltexasin	OH	OH	H	H
[4]	genistein	OH	H	OH	H
[5]	orobol	OH	H	OH	OH
[6]	genistein-7-O-glukosied	OG1*	H	OH	H


*G1 = glukosiel

Afgesien van die vroeëre gebruik van die isoflavoonglukosied, iridien [7], vanweë die gesogte viooltjiegeur daarvan in die parfuumindustrie², word die veelsydigheid van isoflavonoïede verder geïllustreer deur die gebruik van

- i) rotenoïede, bv. rotenoon [8], as visgifstowwe deur inboorlinge¹,
- ii) chalkone bv. [9a] en [9b] as ultraviolet absorbeërs met 'n beskermingsfaktor van 6-8 in die uv-gebied (320-400 nm) in sonbrandmiddels³ en
- iii) pterokarpane en pterokarpaanglukosiede, bv. (+)- en (-)-maackiain en 3-O-glukosiede [10] en [11], as middels wat anti-kankeraktiwiteit vertoon⁴.




	R ¹	R ²
[9a]	H	Me
[9b]	Me	C ₂ - C ₂₄ (alkiel)




	R
[10]	H
[11]	Gl


Die gebruik van die blare, wortels en bas van *P. elata* (een van vyf *Pericopsis* spesies), ook bekend as *Afrormosia elata*, in tradisionele medisinale preparate het gelei tot fitochemiese ondersoeke na die kernhout-komponente van hierdie Wes-Afrikaanse "hardwood", wat in die industrie as 'n plaasvervanger vir kiaat (*Pterocarpus angolensis*) gebruik word^{5,6}. Benewens talle isoflavonoïede bv. (-)-(S)-4'7-dihidroksi-isoflavanoon [12], (R)-angolensin [13], biochanin A [14] en afrormosin [15] wat geïdentifiseer is, is 3,3',4',5-tetrahidroksistilbeen [16], as hoofkomponent, vermoedelik verantwoordelik vir die feit dat die hout neig om donkerder te word met blootstelling aan lig⁵.




[12]



[13]



	R ¹	R ²
[14]	H	OH
[15]	OMe	H




[16]


HOOFSTUK 2

2. Sintese en omskakelings van α -hidroksidihydrochalkone en sekere isoflavonofede2.1 Inleiding


Flavonofede kan hoofsaaklik in drie hoofgroepe verdeel word, nl. die flavonofede met 'n 2-arielchromaanskelet [17], die isoflavonofede met 'n 3-arielchromaanskelet [18] en die neoflavonofede met 'n 4-arielchromaanskelet [19].



[17]




[18]




[19]


Die isoflavonofede, wat meer struktuurvariëteite as die flavonofede vertoon, kan na gelang van die oksidasietoestand en kompleksiteit van die basiese skelet in verskeie subklasse verdeel word, nl. die isoflavone [20] (mees algemene isoflavonofede), isoflavanone [21], rotenofede [22], pterokarpane [23], koumestane [24] en α -metieldeoksibensofene [25] - die enigste nie-gesikliseerde isoflavonofede.




[20]




[21]




[22]



[23]



[24]




[25]

Beide die flavonofede en isoflavonofede ontstaan vanuit dieselfde intermediêr wat na ringsluiting aan die flavonofede en na feniel-migrasie en ringsluiting aan die isoflavonofede oorsprong gee. Talle voedingseksperimente sowel as ensiematiese studies is reeds uitgevoer om verwantskappe tussen die verskillende isoflavonofed-klasse vas te stel, asook om flavanone, chalkone en flavonole as moontlike voorlopers van die flavonofedbiogenese te ondersoek.


Dit word gepostuleer dat α -hidroksidihydrochalkone wat waarskynlik vanaf α -hidroksichalkone ontstaan, kan optree as biogenetiese voorlopers van α -metieldeoksibensofene en ander isoflavonofede, na aanleiding van die gemeenskaplike voorkoms daarvan in o.a. *Pterocarpus* spesies⁷.

2.2 α -Hidroksidihydrochalkone

Die natuurlike voorkoms van α -hidroksidihydrochalkone is baie beperk en die eerste van die klas natuurprodukte, nl. (\pm)-nubigenol [26], is eers in 1973 uit *Podocarpus nubigena* geïsoleer⁷. Soortgelyk aan nubigenol vertoon (+)-lyonogenin [27]⁸ ook 'n fluoroglusinol A-ring en 4-hidroksifunksie op die B-ring, terwyl twee α -hidroksidihydrochalkone (+)- $\alpha,2',4,4'$ -tetrahidroksi-[28] en (*R*)- $\alpha,2'$ -dihidroksi-4,4'-dimetoksi-[29]-dihydrochalkone met resorcinol substitusie op die A-ring ook uit *Zollernia paraensis* en *Pterocarpus angolensis* respektiewelik, geïsoleer is^{9,10}.




	R
[26]	H
[27]	Me




	R
[28]	H
[29]	Me

O-sowel as *C*-glukosiede van α -hidroksidihydrochalkone is ook bekend. So bv. is 'n *O*-glukosied, lyonotin [30] saam met (+)-lyonogenin [27] in *Lycina formosa* gevind⁸, terwyl twee *C*-glukosiede, Coatline A [31] en B [32] uit die bas van *Eysenhardtia polystachia* verkry is¹¹. Lg. verbinding [32] verteenwoordig dan ook die enigste α -hidroksidihydrochalkoon met 'n 3',4'-di-geoksigeneerde B-ring.



	R ¹	R ²	R ³	R ⁴
[30]	OG1	OMe	H	H
[31]	H	OH	G1	H
[32]	H	OH	G1	OH

Hoewel verskeie α -hidroksidihydrochalkone in opties aktiewe vorm geïsoleer is, is pogings tot bepaling van die absolute konfigurasie van C- α tot 'n enkele geval beperk en is 'n eenvoudige en algemeen toepasbare metode vir die bepaling van die stereochemie steeds uitstaande. Op grond van SD- vergelykings van 1-(2-hidroksi-4-metoksifeniel)-3-(4-metoksifeniel) propan-2-ol [33] verkry deur reduksie van α -hidroksidihydrochalkoon [29] met diboraan en 3-(3,4-dimetoksifeniel)-1-(2-hidroksi-4,6-dimetoksifeniel) propan-2-ol [35] verkry deur Birch reduksie van (2*R*, 3*S*)-(+)-3',4',5,7-tetra-*O*-metielkatesjien¹² [34], is 'n *R* konfigurasie aan hierdie α -hidroksidihydrochalkoon [29] toegeken (Skema 2.1).



Skema 2.1

Aangesien die metien- en metileenprotone van α - en β -hidroksidihydrochalkone feitlik ooreenstemmende chemiese verskuiwings vertoon (Tabel 2.1 en 2.2) is dit riskant om bloot op grond van ooreenkomste of verskille in δ -waardes die posisie van die hidrosielgroep toe te ken en moet omsigtigheid by die besluit of die verbinding 'n α - of β -hidroksidihydrochalkoon is, aan die dag gelê word. Weens gemaklike H_2O verlies by beide α - en β -hidroksidihydrochalkone kan massaspektrometrie ook nie vir onderskeiding gebruik word nie⁷ en is waarneming van langafstand skalare of dipolêre koppelingseffekte tussen die metileen en aromatiese waterstowwe (H-2,6 of H-6), in die afwesigheid van sintetiese bevestiging, die enigste betroubare bewys vir 'n α -hidroksidihydrochalkoonstruktuur.


Tabel 2.1

α -Hidroksidihydrochalkoon	oplosmiddel	metien δ -waarde	metileen δ -waardes
Lyonogenintetra-asetaat [36]	DMSO-D ₆	5.60	3.50
Coatline A [31]	CD ₃ OD	5.12	2.80 en 3.03
Coatline B [32]	CD ₃ OD	5.15	2.78 en 2.96
Coatline A-okta-asetaat [37]	CDCl ₃	5.93	2.88 en 3.11
Coatline B-okta-asetaat [38]	CDCl ₃	6.00	2.98 en 3.21
Nubigenol [26]	piridien-d ₅	4.40	3.15 en 3.45
Nubigenolpenta-asetaat [39]	CDCl ₃	5.10	2.90
α ,2',4,4'-tetra-hidroksi- dihydrochalkoon [28]	(CD ₃) ₂ CO	5.17	2.50 - 3.50
2'-hidroksi- α ,4,4'-tri- asetoksidihydrochalkoon [40]	(CD ₃) ₂ CO	6.10	3.00 - 3.80
(R)- α ,2'-dihidroksi-4,4'- dimetoksidihydrochalkoon [29]	CDCl ₃	5.16	2.84


Tabel 2.2

β -Hidroksidihydrochalkoon	Oplosmiddel	metien δ -waarde	metileen δ -waarde
Pterosupin [41]	DMSO-D ₆	5.07	2.76 en 3.00
Gliricidol [42a]	(CD ₃) ₂ CO	5.21	2.77 en 3.01
Gliricidolpenta-asetaat [42b]	CDCl ₃	5.90	2.90 en 3.15


Weens die feit dat die struktuurtoekenning by die β -hidroksidihi-drochalkone gliricidol¹³ [42a] en pterosupin¹⁴ [41] op grond van die chemiese verskuiwings van α -en β -protone gedoen is, kan die korrektheid van hierdie strukture in twyfel getrek word en kan die moontlikheid dat hierdie verbindings ook α -hidroksidihi-drochalkone is, nie uitgesluit word nie.




	R
[36]	Me
[39]	Ac




	R
[37]	H
[38]	OAc



[40]



[41]




	R
[42a]	H
[42b]	Ac


2.2.1 Omskakelingsreaksies

Sedert die postulasies van Sammes *et al*⁷ dat α -hidroksidihi-drochalkone as voorlopers in die sintese van sikliese isoflavonoïede kan optree, is *in vitro* omskakelings van hierdie tipe verbindings waardeur die hipotese bevestig word, inderdaad uitgevoer⁹.

Dehidrogenering¹⁵ van [43] lewer die ooreenstemmende α -hidroksi-chalkoon [44] waardeur toegang tot die 3-hidroksiflavonofede moontlik is, (Skema 2.2), terwyl omskakelingsreaksies wat 'n aanvanklike fotochemiese stap behels o.a. tot 2-(4-hidroksibensiel)-6-metoksibenso- $[b]$ furan-3(2*H*)-oon [47], 4-hidroksi-2',4'-dimetoksichalkoon [48], 4'-hidroksi-2,4-dimetoksi- α -*O*-tosieloksimetieldeoksibenesoien [49], 'n α -hidroksidihydrochalkoon [50], 'n β -hidroksidihydrochalkoon [51] en 'n benso $[b]$ furanoon [54] lei (Skema 2.3)⁹.



Skema 2.2




Skema 2.3

Die α -metieldeoksibensofen [55] verkry vanaf die α -*O*-tosieloksi-metieldeoksibensofen [49] deur reduksie met NaBH_3CN en vanaf die α -hidroksimetieldeoksibensofen [52] deur suurbehandeling gevolg deur katalitiese hidrogenering van [56], besit die basiese skelet van 'n bekende α -metieldeoksibensofen, nl. angolensin [13] wat saam met $\alpha,2'$ -dihidroksi-4,4'-dimetoksidihidrochalkoon in *Pterocarpus angolensis* aangetref word. Hierdie *in vitro* omskakeling kan as die waarskynlike analoog van die biogenetiese verwantskap tussen α -hidroksidihidrochalkone en α -metieldeoksibensofene beskou word.

2.2.2 Sintese

Die enigste bestaande metode behels epoksidasie van 'n intermediêre chalkoon [59] gevolg deur hidrogenering van die oksiraan om die α -hidroksidihidrochalkoon [61] as 'n rasemaat te lewer en is as bevestiging van die struktuur van $\alpha,2'$ -dihidroksi-4,4'-dimetoksidihidrochalkoon uit *Pterocarpus angolensis* uitgevoer⁹.




Skema 2.4

2.3 α -Metieldeoksibensofene en verwante verbindings

Die α -metieldeoksibensofene wat oorwegend in *Pericopsis*^{5,16,17,18} en *Pterocarpus*^{9,19,20,21,22,23,24} spesies aangetref word, besit 'n 1,2-difenielpropan-1-oonskelet.


Angolensin [13] die eerste van dié klas natuurprodukte is deur King *et al* uit *Pterocarpus angolensis* geïsoleer¹⁹. Hoewel dit aanvanklik as rasemaat verkry is, het die gebruik van alkali tydens die isolasieproses vermoedelik rasemisasie in die hand gewerk en is (-)-angolensin later uit dieselfde bron geïsoleer^{17,25}. N.a.v. ORD-studies wat op die geoksideerde produk nl. 2-(4-metoksifeniel)-propioonsuur [62] uitgevoer is, (Skema 2.5) het Ollis *et al*²³ daarin geslaag om die absolute konfigurasie van (-)-angolensin as (*R*) vas te stel²⁶.






Skema 2.5

Strukturvariasies by die α -metieldeoksibensofene is beperk tot die basiese angolensinskelet met verskille slegs t.o.v. die metileringspatroon. So, bv. is (*R*)-2-*O*-metielangolensin [63] en die enigste (*S*)-enantiomeer 4-*O*-metielangolensin [64] uit *Pterocarpus angolensis*²⁰ geïsoleer, terwyl die enigste 4'-demetielderivaat [65] as 'n urienmetabool van skape verkry is²⁷.



Verdere ondersoek na die kernhout van *Pterocarpus angolensis* het ook twee unieke seskwiterpeniëlderivate nl. 4-*O*- β -[66] en 4-*O*- α -kadinilangolensin [67] opgelewer²⁰, terwyl 'n gereduseerde vorm, nl. marsupol [68], uit *Pterocarpus marsupium* verkry is²⁸.



	R ¹	R ²	R ³
[63]	H	Me	Me
[64]	Me	Me	H
[65]	H	H	H




Alhoewel deoksibensofene dikwels gesintetiseer word^{29,30}, is die isolasie daarvan uit die natuur uiters seldsaam en moet die onlangse isolering van albizioen [69] uit 'n *Mollusca* spesie as opsienbarend beskou word³¹. Aangesien die ekstrak nie met suur of alkali in aanraking gebring is nie, kan die moontlikheid van artifisiële oorsprong uitgeskakel word en moet die teenwoordigheid van twee isoflavone [70] en [71] met soortgelyke substitusiepatrone saam met albizioen op *in vivo* omskakeling dui.



2.3.1 Sintese


Die vroegste sintetiese pogings tot α -metieldeoksibensofene was op angolensin toegespits³² en het die kamertemperatuur Friedel-Crafts-asilering van resorsinoldimetiesel [72] of bensieleter [73] met 2-(4-metoksifeniel)propanoëelchloried [74] om angolensindimetiesel-eter [75] in redelike goeie opbrengs te lewer, behels^{33,34}. Alhoewel hierdie metode goeie opbrengste gelewer het, is dit omslagtig aangesien die suurchloried in vyf stappe berei moet word.

'n Alternatiewe metode behels die boortrifluoreteraat gekataliseerde 1,2-arielmigrasie van die chalkoonepoksied [76] na die α -formieldeoksibensofen [77] waarna katalitiese hidrogenering die verlangde produk in ongeveer 25% opbrengs lewer³⁵.



Skema 2.6

Direkte metilering van die reaktiewe metileengroep in 'n beskermde deoksibensofen lewer een van die beste sintetiese roetes tot die α -metieldeoksibensofene en di-*O*-metiel- [85] en di-*O*-bensiel-angolensin [86] is dan ook langs hierdie roete berei³³.



Skema 2.7


Hoewel beskikbaar *via* die onderstaande metodes, bly die sintese van die deoksibensofen egter die belangrikste struikelblok in hierdie benadering:

- (i) Die wyd toepasbare Hoesch-reaksie^{36,37} waartydens 'n nitriël en 'n fenol, 'n polihidriese fenol of 'n fenoliese eter kondensasie ondergaan om 'n hidroksi-ariël of alkoksi-ariëlketoon te lewer;
- (ii) Friedel-Craftsreaksie van fenielasetielchloried met 'n fenol^{38,39};
- (iii) Boortrifluoried gekataliseerde reaksie van 'n fenol met fenielasynsuur⁴⁰, en
- (iv) Minder algemeen die reaksie van bensofelchloried [87] en 'n fenielasynsuurester [88]⁴¹.



Skema 2.8

Katalitiese hidrogenering van 'n isoflavanoon [21] in basiese medium lei eweneens tot 'n 2-hidroksi- α -metieldeoksibensofen [91] en 'n 2-hidroksi- α -metieldihydrobensofen [92]⁴².




Skema 2.9

Hierdie reaksie is in terme van *in vivo* omskakelings van besondere belang, aangesien dit moontlik die biogenetiese ontstaan van α -metieldeoksibensofene kan verklaar.


2.4 Isoflavanone

In teenstelling met die α -metieldeoksibensofene wat hoofsaaklik in *Pterocarpus* en *Pericopsis* spesies aangetref word is die voorkoms van die isoflavanone meer algemeen en is isoflavanone uit verskeie *Dalbergia*⁴³⁻⁴⁵, *Neurautanenia*⁴⁶⁻⁴⁹, *Pterocarpus*⁵⁰⁻⁵³ en talle ander plantspesies geïsoleer. Alhoewel baie natuurlike isoflavanone al bekend is, is hierdie isoflavonofedklas nie so talryk soos die isoflavone nie.

Isoflavanone vertoon die algemene aromatiëse substitusiepatrone wat by isoflavone en ander verwante isoflavonofede voorkom en 4',5,7- [93] en 2',4',5,7- [94] hidroksilering word meestal aangetref^{54,55}.




[93]




[94]


Isoflavanone met glukosiedsubstituente, bv. dalpanin [95]⁵⁶ en dehidroformononetin-7-O-glukosied [96]¹ kom selde voor, maar isopreenafgeleide groepe wat dikwels uiters toksies t.o.v. saprofitiese en plantpatogene fungi^{57,58} is, kom geredelik voor. So bv. is kievitone [97] uit fungus- en virusgeïnfekteerde boontjies (*Phaseolus vulgaris*)⁵⁹ geïsoleer.



[95]




[96]




[97]


Enkele geranielgesubstitueerde isoflavanone, bv. lespedeol A [98] en B [99]^{60,61} is ook geïsoleer, terwyl secundifloran [100], uit *Sophora secundiflora*⁶², uniek in dié opsig is dat 'n hidroksielgroep op C-3 asook 'n ongewone 1,1-dimietielallielsubstituent op C-5', aangetref word.



[98]




[99]




[100]

Isoflavanone word selde in opties aktiewe vorm verkry. Dit kan waarskynlik aan die isolasietegnieke en suiweringsprosesse wat keto-enol toutomerie en dus rasemisasie in die hand werk^{26,63}, toegeskryf word. Ten spyte van die probleem van rasemisasie tydens isolering is 'n aantal opties aktiewe isoflavanone egter wel verkry en is 'n (3*R*)- konfigurasie op grond van 'n positiewe Cotton-effek in die 300 - 350 nm gebied aan die eerste hiervan, nl. (+)-sophorol [101], toegeken⁵¹. Hoewel aanvanklik foutiewelik as (3*R*) aangegee, het Fritzgerald *et al*⁵ soortgelyk op grond van 'n negatiewe Cotton effek (327 nm) 'n (3*R*)-konfigurasie aan (-)-4',7-dihidroksi-isoflavanoon [102] toegeken⁶⁴.




[101]




[102]

Soos by die isoflavane is die teken van optiese rotasie nie 'n aanduiding van die chiraliteit by C-3 van isoflavanone nie. So bv. is gevind dat (+)-2',4',7-trimetoksi-[103a]⁶⁵ sowel as (-)-4',7-diasetoksi-isoflavanoon [103b] 'n (3*S*)-konfigurasie besit. In beide gevalle is hierdie toekenning op grond van intense negatiewe Cotton-effekte in die golflengtegebied 320 - 350 nm gemaak.




	R	R ¹
[103a]	Me	OMe
[103b]	Ac	H

Ander opties aktiewe isoflavanone wat mettertyd geïsoleer is, sluit o.a. (-)-sophora-isoflavanoon A [104] en (-)-isosophoranoon [105] uit *Sophora tomentosa*^{66,67} sowel as (-)-erosenoon [106] uit *Pachyrrhizus erosus*⁶⁸ in.



	R
[104]	H
[105]	dimetielallielsubstituent




[106]

2.4.1 Sintese van isoflavanone

Metodes van isoflavanoonsintese lewer oor die algemeen onbevredigende resultate en sluit onder meer katalitiese hidrogenering van die isoflavoonanaloog in^{36,69}. Daar is gevind dat die aard van die produkte wat na reduksie verkry word afhanklik van sowel die isoflavoonsubstituente as die oplosmiddel is.


Reaksies uitgevoer in asynsuur met platinumoksied as katalisator lei in sekere gevalle tot isoflavan-4-ole en/of isoflav-3-ene⁷⁰. So, bv. het 4',7-dimetoksi-isoflavoone 'n mengsel van die isoflavan-4-ol en isoflav-3-eenanaloë gelewer, terwyl soortgelyke reduksie van 4',7-dimetoksi-2-metieliflavoone 'n geringe hoeveelheid isoflavanone en as hoofproduk 4',7-dimetoksi-2-metieliflav-3-een, waarskynlik a.g.v. waterverlies vanaf die intermediêre isoflavan-4-ol, gelewer het. Goeie opbrengste van 4',5,7-trimetoksi-isoflavanone is egter verkry deur 4',5,7-trimetoksi-isoflavoone as uitgangstof te benut⁷¹.

Die gebruik van isoflavooneasetate in plaas van die vry-fenoliese verbindings, lewer vanweë beter oplosbaarheid in die oplosmiddel, beter resultate soos blyk uit die feit dat dehidrohomoferreirindi-asetaat [107] na katalitiese hidrogenering slegs homoferreirindi-asetaat [108] lewer (Skema 2.10), terwyl die hidroksi-isoflavoone geen reaksie getoon het nie^{69,72}.




Skema 2.10

'n Verdere verbetering behels die benutting van aseton as oplosmiddel, waardeur selektiewe hidrogenering van C-5 deoksi-isoflavone die isoflavanone in goeie opbrengs lewer (Skema 2.11). Verlengde reaksietye benodig, is egter 'n nadeel hieraan verbande⁷³.




Skema 2.11

Hidroborering van 3-ariel [111] of 3-ariel-4-hidroksi-[112] kumariene gevolg deur chroomsuuroksidasie^{74,75} lewer 'n tweede, maar as gevolg van lae opbrengste (25%), minder gewilde roete tot isoflavanone [21]^{76,77}.




Skema 2.12

Palladiumgekataliseerde Heck-arilering van chroman-4-oonenolesters met arielkwikhaliede vind redelike wye toepassing, aangesien chroman-4-one met verskeie substituenten, α -arielketone as hoofprodukte (60-75%) lewer⁷⁸.



Skema 2.13

α -Metilering van 2-hidroksideoksibensofene met diiodmetaan is een van die gemaklikste metodes waarvolgens isoflavanone berei kan word en vind wye toepassing (Skema 2.14), maar toon die nadeel dat korrek gesubstitueerde deoksibensofene nie altyd beskikbaar is nie (*cf.* prgf. 2.3.1), terwyl beskerming van alle hidroksigroepe behalwe dié op die 2'-posisie benodig word⁷⁹.




	R	R ¹	R ²
[117]	H	PhCH ₂ O	H
[118]	OMe	OMe	H
[119]	H	OMe	OMe

Skema 2.14


2.4.2 Omskakelings

Isoflavanone is soos te wagte, vatbaar vir oksidasie sowel as reduksie en die ooreenstemmende isoflavoone en isoflavane word verkry. Dehidrogenering (palladiumgeaktiveerde koolstof by 250 °C) en oksidasie (seleniumdioksied in iso-amielalkohol)^{80,81} van isoflavanone [121] lewer in beide gevalle die isoflavooneanalogue. Lg. reaksie word in die geval van vry hidroksi-isoflavanone in asynsuuranhidried in plaas van amielalkohol soos by die metieleters uitgevoer.



Skema 2.15

Reduksie van isoflavanone [123],[125] m.b.v. natrium- of kaliumboorhidried lei tot isoflavan-4-ole [124], [126], terwyl katalitiese hidrogenering die ooreenstemmende isoflavaan [127] lewer⁸².



Skema 2.16


Tydens behandeling van 2'-metoksi-isoflavanone met aluminiumtrichloried⁸³ vind heterosikliese ringopening na α -vinielbensielketone [129] plaas (Skema 2.17). Die afwesigheid van C-5 en C-8 substituenten speel egter 'n deurslaggewende rol in die reaksieverloop, aangesien die teenwoordigheid van C-5 en C-8 substitusie slegs tot demetilering van die 2'-metoksigrp lei⁸⁴.



Skema 2. 17


2.5 Isoflavone

Van die talle isoflavonofedklasse is die isoflavone by vërre die mees talryke waarvan die voorkoms 'n wye verskeidenheid plant-spesies insluit. Oksigeneringspatrone wissel van die eenvoudige, mees algemene 4',7-dihidroksilering bv. [1]⁸⁵⁻⁹² tot meer komplekse en ongewone substitusiepatrone, terwyl metilering van een of meer hidroksifunksies ook algemeen aangetref word, bv. [130] en [131]⁹³⁻⁹⁷.




		R
Daidzein	[1]	OH
Formononetin	[130]	OMe

Hoewel 5,7-dioksigenering van die A-ring die meeste voorkom, word 6,7-, 5,6,7-, 5,7,8- en selfs 5,6,7,8-oksigenering (hetsy as hidroksi- of metoksigesubstitueerd) ook aangetref, bv. [4], [14] en [132] - [134]⁹⁸⁻¹⁰², terwyl B-ring oksigenering afgesien van die oorheersende 4'-substitusie beperk is tot 3',4'-, 2',4'- en 2',4',5-substitusie, bv. [135] - [137]^{88,103,104}.




		R ¹	R ²	R ³	R ⁴	R ⁵
Genistein	[4]	H	OH	H	OH	OH
Biochanin A	[14]	H	OH	H	OH	OMe
Texasin	[132]	H	OH	OH	H	OMe
Tectorigenin	[133]	H	OH	OMe	OH	OH
Isotectorigenin	[134]	OMe	OH	H	OH	OH




		R ¹	R ²	R ³	R ⁴	R ⁵
3'-Metielorobol	[135]	OH	OH	H	OMe	H
	[136]	OH	H	OH	H	H
Derrugenin	[137]	OMe	OH	OMe	H	OMe

Isoflavone met metileendioksigroep op die A- sowel as B-ringe word ook gereëlik geïsoleer, bv. dipteryxine [138] en iriskomaonin [139]^{105,106}.




[138]




[139]


Isoflavone sonder 'n 4'-substituent is ook gevind bv. [140], [141]^{107,108} terwyl die totale afwesigheid van B-ring substituentebare uitsonderlik is, bv. [142],[143]^{103,104}. Verder vertoon 7-hidroksi-2-metielisoflavoon [144] sowel as die 7-asetiel [145], 7-metiel [146] en 8-asetiel [147] derivate daarvan wat uit die wortels van 'n *Glycyrrhiza* spesie¹⁰⁹⁻¹¹¹ geïsoleer is, afgesien van afwesigheid van B-ring substituentebare, ook 'n ongewone 2-metiel-substituent.




[140]



[141]




	R
[142]	H
[143]	Me




	R ¹	R ²
[144]	H	H
[145]	H	COMe
[146]	H	Me
[147]	COMe	H


Koolstofsubstituentebare op isoflavone is egter nie tot metielgroepe beperk nie, maar 'n isoflavoon, corylinal [148]¹¹² met, 'n 3'-formielgroep is uit die sade van *Psoralea corylifolia* geïsoleer, terwyl een of meer isoprenoofed- of dimetielchromeensubstituentebare redelik algemeen voorkom, bv. [149] - [151]^{99,100,113,114}.




[148]



Derrubone [149]




[150]




Alpinumisoflavoon [151]

Isoflavoonglukosiede word ook minder as die aglikone geïsoleer en die meerderheid isoflavoonglukosiede is 7-glukosied of 7-rhamnosiedgesubstitueerd^{88,101,102}, waar die glikosiede-eenheid *O*- of *C*-gebonde kan wees, bv. volubilin [152] en isovolubilin [153]¹¹⁵⁻¹¹⁸.




	R ¹	R ²
[152]	rhamnosied	H
[153]	H	rhamnosied

Enkele halogeengesubstitueerde isoflavone is deur König *et al* geïsoleer en is nie van plantaardige oorsprong nie, maar is uit 'n mikroörganisme *Streptomyces griseus* verkry⁹⁸.



	R
6-Chlorogenistein [154]	H
3',6-Dichlorogenistein [155]	Cl

Die vlak van dimeriese isoflavonofede is ook onlangs met die isolasie van die eerste natuurlike isoflavoon-isoflavaandimeer [156] uit *Dalbergia nitidula* bereik¹¹⁹.



2.5.1 Sintese van isoflavone


Aangesien isoflavone dikwels as intermediêre vir die sintese van ander isoflavonofede o.m. isoflavanone en pterokarpane dien, is die sintese van hierdie klas verbindings van besondere belang. Die drie basiese sintetiese weë sluit in:

- (i) ringsluiting van fenielbensielketone
- (ii) kondensasie van C-7 en C-8-eenhede, en
- (iii) omskakelings van chalkone en chalkoonepoksiede.

(i) Ringsluiting van 'n C-1-eenheid aan 'n deoksibensofen

Elektrofiele reagense en reaksiekondisies tydens hierdie metode benut, sluit in:

- (i) $\text{CH}(\text{OEt})_3$ /piridien/pipiridien/ 120
- (ii) $\text{Zn}(\text{CN})_2/\text{HCl}$ 121,122
- (iii) $\text{HCONMe}_2/\text{POCl}_3$ 123
- (iv) $\text{HCO}_2\text{Et}/\text{Na}$ 124
- (v) $\text{EtO}_2\text{CCOCl}/\text{H}_2\text{O}/\text{piridienhydrochloried}$ 125,126
- (vi) $\text{MeSO}_2\text{Cl}/\text{BF}_3 \cdot \text{Et}_2\text{O}/\text{HCONMe}_2$ 127
- (vii) $(\text{CH}_3)_2\text{N}(\text{CH})(\text{OCH}_3)_2/\text{benseen}/\text{BF}_3 \cdot \text{Et}_2\text{O}$ 128,129
- (viii) N,N-karboniëldiimidiasool/ HCOOH 130




Skema 2.18

Hierdie tipe reaksies verteenwoordig van die eerste suksesvolle pogings om isoflavone te berei en berus op die reaktiwiteit van die metileengroep van 'n deoksibensofen t.o.v. elektrofiele reagense. Probleme om lg. te berei (*cf.* prgf. 2.3.1) sowel as swak opbrengste daarvan, veroorsaak dat hierdie metode van isoflavoonsintese vandag minder gewild is. Oksigeneringspatrone van die aromatiese ringe blyk ook 'n beperkende faktor te wees. So bv. is ringsluiting met etiel-ortoformaat minder suksesvol indien deoksibensofene met 2,4,6-trihidroksi gesubstitueerde B-ringe as uitgangstowwe benut word, terwyl siklisering met $Zn(CN)_2$ en HCl asook met die Vilsmeierreagens beperk is tot deoksibensofene met 'n resorsinol A-ring.

(ii) Koppeling van C-7 en C-8 eenhede


Die sintese van 2'-hidroksi-isoflavone deur die koppeling van 'n β -resorsielsuurderivaat [159] aan 'n ariasetaldehydfragment in enamienvorm [160]^{131,132} het beperkte toepassing en is tot dusvêr nie algemeen benut nie, aangesien dit onbevredigende opbrengste (31%) lewer¹³¹.



Skema 2.19


(iii) 1,2 Arielmigrasies(a) Omskakelings vanaf die ooreenstemmende chalkoonepoksied

Die eerste, maar van die swakste metodes om chalkone na isoflavone om te skakel, behels suur of Lewissuur gekataliseerde herrangskikkings van 2'-bensieloksichalkoonepoksiede [164]^{35,133-135}.



Skema 2.20


Merkerstudies het op 'n arofel- in plaas van 'n arielmigrasie gedui toe Grisebach *et al* boortrifluoriedgekataliseerde omskakelings met verskeie metoksigesubstitueerde isoflavone uitgevoer het (Skema 2.21)¹³⁶.



	R	R ¹
(a)	H	H
(b)	H	OMe
(c)	OMe	H

Skema 2.21

Vanweë elektrondonerende eienskappe, waardeur bensiliese karbokatioon [168] gestabiliseer word, is 4-oksigenering van die chalkoonepoksied essensieel vir hierdie tipe herrangskikking en afwesigheid van B-ring substitusie lewer hoofsaaklik dihidroflavonole¹³⁴ terwyl 2-metoksi-chalkoonepoksiede geen reaksie ondergaan nie.




(b) Omskakelings na isoflavone deur vorming van organothalliumkomplekse

Thalliumtrinitraatoksidase is tans die mees suksesvolle metode van isoflavoonsintese. Hoewel thalliumtriasetaat vroeër gebruik is¹³⁷⁻¹³⁹, lewer oksidatiewe herrangskikking (1,2 arielmigrasie) van 2'-hidroksichalkone tydens behandeling met thalliumtrinitraat (TTN) in metanol gevolg deur suur of basisgekataliseerde ring-sluiting, isoflavone waarvan die opbrengste wissel van 30% tot 80%. TTN bied die voordeel dat korter reaksietye en matiger reaksiekondisies as vir thalliumtriasetaat benodig word⁷³.

Ten einde probleme met die oplosbaarheid van sekere chalkone in metanol te oorkom, kan droë dioksaan of chloroform/dioksaan (3:7) as oplosmiddels benut word, maar 'n alkoksireagens soos metanol of $\text{HC}(\text{OMe})_3$ moet vir asetaalvorming in hierdie gevalle bygevoeg word¹⁴⁰.


C- en O-glukosiede kan ook volgens hierdie metode berei word¹⁴¹⁻¹⁴³, maar die metode is onsuksesvol indien substituentte vatbaar is vir oksidasie met TTN (bv. -OH of $-\text{NH}_2$)¹⁴⁴ of wanneer beide aromatiesse ringe elektrononttrekkende groepe bevat. Lg. beperking spruit uit inhibisie van die aanvanklike oksidatiewe herrangskikkingstap [169] - [170] vanweë swak migrasievermoë van die geaktiveerde B-ring.

Bereiding van isoflavone waarvan een ring gedeaktiveer is kan wel uitgevoer word vanaf 'n chalkoon met die gedeaktiveerde aromatiese ring α t.o.v. die karbonielgroep¹⁴⁵, bv.



Skema 2.22


'n Nadeel egter verbonde aan die gebruik van thalliumtrinitraat is die gevaar dat dimetielchromeenringe geoksideer kan word en deur ringkontraksie furaanderivate lewer soos tydens die bereiding van corylinmetieleter gevind is (Skema 2.23)¹⁴².



Skema 2.23


2.5.2 Omskakelings van isoflavone

Isoflavone is relatief stabiel t.o.v. suurhidrolise, terwyl alkaliese hidrolise omskakeling na die ooreenstemmende 2-hidroksido-oksibensofen [177] inisieer¹⁴⁶.



Skema 2.24

Reaksie van isoflavone met Grignardreagense lewer 2,4 digesubstieerde isoflavan-4-ole [179] *via* 1,4- en 1,2-addisie soos gevind deur Lawson *et al*¹⁴⁷ tydens die reaksie van genisteintrimetieleter [178] met fenielmagnesiumbromied.



Skema 2.25


Katalitiese hidrogenering van isoflavone lei tot die ooreenstemmende isoflavanoon (*cf.* prgf. 2.4.2)⁶⁹.

2.6 Biogenese van isoflavone en verwante isoflavonoïde

2.6.1 Inleiding

Navorsers het aanvanklik slegs op voedingseksperimente staat gemaak om teorieel te formuleer rakende voorlopers van flavonofedbiogenese. Vertolking van hierdie resultate is dikwels riskant aangesien die afbraak van die radio-aktief gemerkte verbinding na eenvoudiger boustene, gevolg deur inkorporering in ander metaboliete, moontlik is. Dit kan misleidende resultate tot gevolg hê, sodat ensiematiese studies wat later onderneem is, aansienlik meer betroubaar as merkingseksperimente is. Alhoewel ensiematiese studies op die isoflavonofede minder omvangryk as dié in die geval van flavonofede is, is talle van die ensieme verantwoordelik vir isoflavonofedbiogenese reeds uit plante geïsoleer.²⁶

Algemene fenielpropanoïdmetabolisme 156,157




Skema 2.26

2.6.2 Die ontstaan van die C₆C₃C₆-skelet

Soos deur voedingseksperimente bevind en later m.b.v. ensiematiese studies bevestig, word flavonofede gevorm deur drie asetaat- en 'n fenielpropanofedeenhed (vanaf die sjikimiensuur metaboliese weg) as primêre boustone. Ensiematiese studies het ook die bestaan van 'n chalkoon/flavanoonpaar^{148,149} wat direk vanaf die C₆C₃- en C₆-fragmente ontstaan, as sentrale intermediêre in die flavonofedbiogenese bevestig¹⁵⁰⁻¹⁵⁵. Hierdie isomeerpaar is dan ook die vertakkingspunt waar die flavonofed en isoflavonofed biogenetiese weë skei, aangesien die 3-arielchromaanskelet van die isoflavonofede op 'n arielmigrasie-stap dui.

2.6.3 Gemeenskaplike voorloper van die flavonofed en isoflavonofed biogenetiese weë: vertakkingspunt


Die sentrale posisie van die chalkoon-/flavanoonpaar in die isoflavonofedbiogenese is sonder twyfel vasgestel²⁶. Argumente vir die bestaan van of 'n chalkoon- of 'n flavanoonvoorloper is geensins eenduidig nie veral gesien in die lig van beide *in vivo* en *in vitro* ensiematiese interomskakeling van chalkone en flavanone¹⁵⁸, soos in die geval van liquiritigenin [185] en isoliquiritigenin [186] (Skema 2.27).



Skema 2.27

Voedingseksperimente, deur Wong *et al*^{159,160} het aangetoon dat isoflavonofede meer gereedlik vanaf chalkoon- as flavanoon-intermediêre ontstaan. Daarenteen het ensiematiese omskakeling

van (2*S*)-narengenin[187] na genistein [4] soos onlangs deur Hagmann *et al*¹⁶¹ aangetoon, 'n onomwonde bewys vir die inkorporering van flavanone in isoflavonofedbiogenese gelewer en kan dit as 'n ekwivalent van die *in vivo* omskakeling beskou word.



Skema 2.28


Welke een van die twee isomere, nl. die flavanoon of chalkoon as direkte voorloper van die isoflavonofede dien, kan dus nie met sekerheid gesê word nie. Alhoewel voedingseksperimente op chalkone¹⁴⁸ as direkte voorlopers dui, laat die ensiematiese isomerisasie van chalkone en flavanone (Skema 2.27) sowel as ensiematiese flavanoon → isoflavoonomskakeling (Skema 2.28), die probleem onopgelos. Die moontlikheid dat verskillende weë in verskillende plante gevolg word, kan ook nie uitgesluit word nie.

2.6.4 Die ontstaan van 'n primêre isoflavonoïedprodukt

'n Ensiemgekataliseerde arielmigrasiestap lei tot die ontstaan van 'n primêre isoflavonoïedprodukt waaruit alle ander isoflavonoïede biogeneties ontstaan. 'n Vroeëre beskouing van 'n isoflavanoon as primêre isoflavonoïedprodukt is deur Dewick *et al*¹⁶² as minder waarskynlik bewys toe voedingseksperimente by voorkeur op 'n chalkoon → isoflavanon → isoflavanoon volgorde gedui het. Die feit dat isoflavone en isoflavanone *in vivo* interomskakelbaar is¹⁶³, dui nietaanstaande op die prominente rol wat die isoflavanone veral m.b.t. die biogenese van fito-aleksien pterokarpene speel¹⁶⁴⁻¹⁶⁶. Tans dui voedingseksperimente sowel as ensiematiese studies op 'n isoflavanon as die intermediêr waaruit alle ander isoflavonoïede deur oksidasie of reduksie ontstaan^{162,167}. Hierdie postulasie word verder begunstig deurdat isoflavone die mees algemene isoflavonoïedklas is en herhaaldelik saam met ander isoflavonoïede in plante aangetref word¹⁶² (Tabel 2.3).

Die arielmigrasiestap by isoflavanonbiogenese is waarskynlik beperk tot twee chalkoonvoorlopers¹⁶⁸ nl. 2',4,4'-tri [186] en 2',4,4',6'-tetra-[180] hidroksichalkoon wat onderskeidelik aan daidzein [1] en genistein [4] of formononetin [130] en biochanin A [134] (indien metilering by die migrasieproses betrokke is) oorsprong gee (Skema 2.29)^{158,166,169}.

Hierdie vier isoflavone kan deur verdere substitusie en oksidasie- of reduksiestappe aan feitlik alle ander isoflavonoïede¹⁷⁰ en deur verdere hidroksilering of metilering aan ander isoflavone, oorsprong gee. So, bv. is dit deur voedingseksperimente aangetoon dat formononetin [130] 'n voorloper van afrormosin [15] is^{168,171}.




[15]

Tabel 2.3

Gesamentlike voorkoms van verskillende isoflavoniëdklasse

	Isoflavone	Rotenoïede	3-ariel-4-hidroksi-koumariene	Isoflavanone	Pterokarpane	Isoflavane	Koumestane	Ander isoflavonoïede
<i>Millettia</i> spp.	x	x						
<i>Piscidia erythrina</i>	x	x						x
<i>Derris malaccensis</i>	x	x						
<i>Derris scandens</i>	x		x					
<i>Derris robusta</i>	x		x					
<i>Maackia amurensis</i>	x			x	x			
<i>Pterocarpus</i> spp.	x				x			x
<i>Dalbergia</i> spp.	x			x	x	x		
<i>Machaerium</i> spp.	x				x	x		
<i>Lonchocarpus laxiflorus</i>					x	x		
<i>Swartzia madagascariensis</i>					x		x	
<i>Pachyrrizus erosus</i>	x	x		x			x	x
<i>Neurautanenia</i> spp.	x	x		x	x			x




Skema 2.29

Fito-aleksienstudies het aangetoon dat B-ring oksigeneringspatrone gewoonlik tydens die isoflavoönstadium vasgestel word, in die volgorde $4'' \rightarrow 2', 4' \rightarrow 4', 5' \equiv (3', 4') \rightarrow 2', 4', 5'$. Die A-ring 7- of 5,7-substitusiepatroon word reeds op chalkoonvlak ingebou¹⁶⁸.

2.6.5 Hipoteses rakende die meganisme van arielmigrasie

Sommige van die bestaande hipoteses rakende arielmigrasie is gebaseer op sintetiese benaderings na die isoflavone vanaf chalkoon- of flavanoonintermediêre^{132,138,171-173}, terwyl ander op blote spekulasies gebaseer is.

'n Meganisme voorgestel deur Pelter *et al*¹⁷⁴ behels die vorming van 'n spirodiënoon as intermediêr en benodig 'n 4- of 2-suurstoffunksie. Beskikbare biogenetiese getuienis dui op 'n oksidatiewe herrangskikkingstap waar die posisie van oksidasie waarskynlik die 4-hidroksi van die migrerende ariel is^{172,175-177}. Die Pelter-hipotese voldoen aan hierdie vereiste. (Skema 2.30)¹⁷⁴.




Skema 2.30

Alhoewel die Pelter-hipotese op chemiese grondslag aanvaarbaar is, is dit minder aanvaarbaar in terme van ensiemologie¹⁶² aangesien die onlangse isolasie van isoflavone sonder B-ring substituentte op arielmigrasie in die afwesigheid van 2- of 4- B-ring oksigenering dui^{103,104,109-111}.


Nie een van die talle arielmigrasiehipoteses korreleer tot dusver met alle beskikbare biogenetiese bewyse nie en die antwoord lê waarskynlik in die isolasie van die besondere ensiem, wat die migrasiestap kataliseer. Andersyds bestaan die moontlikheid van verskillende meganismes in die onderskeie plantspesies.

2.6.6 Biosintese van ander isoflavonoïede


'n Kenmerkende eienskap van alle natuurlike pterokarpane [23], dehidropterokarpane [198], die meeste isoflavone [20] en koumestane [24] is die afwesigheid van 5-oksigenering, wat op 'n onderlinge biogenetiese verwantskap dui¹⁷⁸.




[23]



[198]




[20]



[24]

Merkerstudies het getoon dat 2'-hidroksilering van isoflavoon [130] na [199], reduksie na isoflavanoon [200] en verdere reduksie na isoflavanol [201] *in vivo* plaasvind. Isoflavanol [201] sikliseer *via* 'n intermediêre karbokatioon [202] na pterokarpaan [203]


(Skema 2.31)^{164, 179}. Hierdie gepostuleerde biogenetiese weg na pterokarpaan [203] is analoog aan die chemiese omskakeling na pterokarpane deur boorhidriedreduksie.




Skema 2.31

Die bestaan van 'n 2'-hidroksi-isoflawaan-pterokarpaanverwantskap word verder geïllustreer deur die feit dat


- (1) alle natuurlike isoflavane (behalwe 'n dierlike metaboliet, equol) 2'-oksigenering vertoon.
- (2) isoflavane en pterokarpane wat in 'n plant voorkom dikwels dieselfde chiraliteit by ooreenstemmende sentra besit, bv. (-)-(6aR, 11aR)-medicarpin [203], (R)-sativan [208] en (R)-vestitol [207] uit *medicago sativa*.
- (3) chemiese omskakeling van pterokarpane na 2'-hidroksi-isoflavane op 'n waarskynlike terugwaartse *in vivo* omskakeling dui¹⁶⁴.



R-vestitol [207]




R-sativan [208]



(6aR, 11aR)-medicarpin [203]

Dewick en Martin¹⁶⁴ het beweer dat isoflavane biogeneties vanaf die pterokarpane ontstaan gedurende hewige swam- en virusinfeksies in 'n plant, aangesien die isoflavane meer anti-fungale aktiwiteit as die pterokarpane vertoon. Merkerstudies het egter bewys dat medicarpin [203] en vestitol [207] waarskynlik gelyktydig *via* die intermediêre karbokation [202] ontstaan, terwyl sativan [208] deur metilering van [207] ontstaan (Skema 2.32).




Skema 2.32

Die enigste isoflavanol tot dusver geïsoleer, nl. ambanol, is 2'-metoksigesubstitueerd en dit dui op die snelle inkorporering van 2'-hidroksi-isoflavanole na pterokarpane *via* die gepostuleerde karbokatioon.


Addisionele getuienis vir die bestaan van 'n karbokatioonintermediêr is verkry deur voedingseksperimente, toe Martin en Dewick¹⁷⁹ die moontlikheid vir die bestaan van 'n flav-3-eenintermediêr ondersoek en gevind het dat 'n isoflavanol by voorkeur aan 'n karbokatioon i.p.v. 'n isoflav-3-een [209] oorsprong gee.

Isoflav-3-ene wat biogenetiese voorlopers van die koumestane [211] en arielkumariene [210] blyk te wees, ontstaan enersyds deur dehidratering van die isoflavanol [201] of deur verlies van 'n proton vanaf die karbokatioon [202] en is as volg in die biogenetiese weg geïnkorporeer (Skema 2.33).





Skema 2.33

Hidrolise van 'n dehidropterokarpaan [198] lewer 'n 2'-hidroksiisoflavanoon [212]. Die terugwaartse reaksie (2'-hidroksiisoflavanoon → dehidropterokarpaan) is waarskynlik die biogenetiese weg na die dehidropterokarpane (Skema 2.34).



Skema 2.34

Rotenofede [213] ontstaan ook vermoedelik vanaf die basiese isoflavoonskelet en wel van 2'-metoksi-isoflavone [214], aangesien rotenofede 'n addisionele metileen by C-6 besit¹⁶⁶.




2.6.7 Biogenese van α -hidroksidihydrochalkone en α -metieldeoksibensofene

Hoewel daar geen direkte getuienis i.v.m. die biogenese van die α -metieldeoksibensofene en α -hidroksidihydrochalkone bestaan nie, dui chemiese omskakelings⁹ waarskynlik op soortgelyke *in vivo* interomskakeling terwyl die gesamentlike voorkoms in *Pterocarpus angolensis* die ontstaan vanaf dieselfde voorloper suggereer.


α -Hidroksidihydrochalkone ontstaan biogeneties waarskynlik langs twee moontlike weë, nl. reduksie van die α -hidroksichalkoon [219] of chalkoonepoksied [220], afkomstig uit die primêre metaboliese poel of andersyds *via* 'n onafhanklike roete uit prefeensuur [215] (Skema 2.35)^{119,180}.

Verdere inkorporering van α -hidroksidihydrochalkone in die biogenetiese weë behels waarskynlik omskakeling na die α -metieldeoksibensofene en isoflavone. Ooreenkomste in oksigeneringspatrone dui ook op 'n onderlinge biogenetiese verwantskap.

Aanvanklik het die isolasie van angolensin as eerste natuurlike α -metieldeoksibensofen gelei tot die aanname dat alle isoflavonofede *via* α -metieldeoksibensofene [65] vanaf 'n oopkettingintermediêr [222] ontstaan^{132,163}. Die seldsame voorkoms van α -metieldeoksibensofene in vergelyking met die isoflavone het hierdie postulasie minder aanvaarbaar gemaak.




Skema 2.35



Skema 2.36


Soos reeds bespreek (*cf.* prgf.2.6.4) word dit tans aanvaar dat alle isoflavonoïede, insluitend die α -metieldeoksibensoïene vanaf 'n isoflavonoonvoorloper afkomstig is. In aansluiting hierby het Cook en Rae¹⁶ 'n vertakte C₉ verbinding [224] tesame met angolensin [223] en formonenetin [130] uit *Pterocarpus Spicatus* geïsoleer en soos in Skema 2.37 angolensin as 'n afbraakproduk in die isoflavonoïed-biogenese geïllustreer.




Skema 2.37

Die onlangse isolasie van marsupol [68], 'n α -metieldihydrobensoïen, is betekenisvol i.t.v. biogenese aangesien dit reeds chemies bewys is dat hidrogenering van die isoflavanone in besiese medium tot 'n α -metieldeoksibensoïen en 'n α -metieldihydrobensoïen (*cf.* prgf. 2.3.1), wat waarskynlik die ekwivalent van die *in vivo* omskakeling is, lei.

'n Hipotese wat die biogenetiese ontstaan van α -metieldeoksibensoïene en isoflavone vanaf α -hidroksidihydrochalkone voorstel, is as volg (Skemas 2.38 en 2.39)¹⁵.



Skema 2.38



Skema 2.39

HOOFSTUK 3Eksperimenteel3.1 Standaard eksperimentele tegnieke

Die volgende eksperimentele tegnieke is, tensy anders vermeld, tydens hierdie ondersoek toegepas.

3.1.1 Chromatografiese metodes(a) Dunlaagchromatografie (DLC)

(i) kwalitatiewe dunlaag chromatografiese ondersoeke is op "Merck TLC-plasticsheets: Silica Gel F₂₅₄ (0,25; 30 x 65 mm)" uitgevoer. Alle R_F-waardes verwys na kwalitatiewe DLC-ondersoeke.

(ii) Bereidende skaal DLC is op glasplate (20 x 20 cm) bedek met 'n laag (1,0 mm) ongeaktiveerde kieselgel Merck PF₂₅₄ wat by kamertemperatuur gedroog is, uitgevoer. Na ontwikkeling in 'n gekose elueermiddel is die plate in 'n lugstroom by kamertemperatuur gedroog, die bande deur middel van sproeireagense en uv (254 nm) onderskei, afgeskraap en die silika met asetoon, wat onder verminderde druk by 60 °C ingedamp is, geëlueer. Beladings van 10-50 mg/plaat, afhangende van die aard van die skeiding, is gebruik, terwyl mikro-skeidings op "Merck TLC plates: Silica Gel 60 F₂₅₄ pre-coated (0,25 mm)" met beladings van 3 - 5 mg/plaat uitgevoer is.

(b) Kolomchromatografie

(i) Kolomskeidings is m.b.v. kolomme met 'n deursnee van 2 - 5 cm en 'n lengte/deursnee verhouding van 20 - 30 wat met ongeaktiveerde Merck Kieselgel 60 of Sephadex LH-20 as 'n suspensie in 'n elueermiddel gepak is, uitgevoer.

Mengsels is in 'n minimum elueermiddel opgelos, aangewend en die kolom te teen 'n vloeispoed van 10 - 20 ml/uur ontwikkel. Fraksies is met 'n outomatiese fraksieversamelaar opgevang.

(ii) "Flash" kolomchromatografie¹⁸¹

Nadat 'n stukkie watte stewig onder in 'n kolom (deursnee 5 cm) geplaas is, is 'n dun lagie (2 mm) suurbehandelde kwartssand (50 - 100 mesh) bo-oor gestrooi en die kolom met droë ongeaktiveerde Merck Kieselgel 60 tot 'n hoogte van 15 cm gevul waarna 'n verdere lagie sand (2 mm) bo-oor gestrooi is. Die gekose elueermiddel is versigtig toegedien en druk ($1,8 \text{ lb/dm}^2$) toegepas om die Kieselgel dig te pak en alle lug uit te forseer. Na aanwending van die reaksiemengsel (belading 50 - 150 mg) is dit in die silika ingedruk waarna die kolom met die gekose loopmiddel gevul en die druk aangepas is, sodat die elueermiddeloppervlak met 5 cm per min. daal. Fraksies is opgevang totdat alle oplosmiddel in die kolom verbruik is.

3.1.2 Sproeireagense

(a) Swaelsuur - formaldehyd¹⁸²

Dunlaagchromatogramme is liggies met 'n 2% (v/v) oplossing van formaldehyd (40%) in gekonsentreerde swaelsuur gesproei en by *ca.* 110°C tot optimum kleurontwikkeling verhit.

3.1.3. Chemiese metodes

(a) Asetilering¹⁸³

Droë verbinding is in 'n minimum piridien (KOH-gedroog) opgelos en asynsuuranhidried (*ca.* 0,1 ml/mg monster) bygevoeg. Na *ca.* 12 uur by kamertemperatuur is die reaksiemengsel met verkrummelde ys behandel en die amorf materiaal na filtrasie piridienvry gewas met water.

3.1.4 Spektrometriese en spektroskopiese metodes

(a) KMR-spektroskopie

KMR-spektroskopie is op 'n Bruker WP-80 of - AM-300 spektrometer in deuteriochloroform (CDCl_3) of deuterioasetoon [$(\text{CD}_3)_2\text{CO}$] met tetrametielsilaan (TMS), tensy anders vermeld, as interne standaard by 298 K afgeneem. Chemiese verskuiwings is deurgaans uitgedruk in dele per miljoen (d.p.m.) op die δ -skaal en die koppelingskonstante (J) word in Hz aangegee. Afkortings wat gebruik word: s - singulet, d - doeblet, t - triplet, k - kwartet, m - multiplet, dd - doeblet van doeblette en ddd - doeblet van doeblette.

(b) Massaspektrometrie (MS)

Fragmentasie en akkurate massabepalings is op 'n Varian CH-5 massaspektrometer (dubbele fokus) afgeneem.

(c) Sirkulêre dichroïsme (SD)

SD-kurwes is in oplossings van spektroskopiese metanol met behulp van 'n Jasco J-20 spektropolarimeter afgeneem. Die molekulêre eliptisiteit ($[\theta]$) is bereken volgens die formule:

$$[\theta]_{\lambda} = \frac{(L)(\text{skaalinstelling})(\text{molekulêre massa})(100)}{(\text{buislengte in cm})(\text{konsentrasie in g/l})}$$

waar L = verskil in lesing tussen dié van die verbinding in oplossing en dié van die oplosmiddel.

(d) Optiese rotasie

Rotasiemetings is met 'n Bendix-NPL Automatic Polarimeter Type 143 by die D-lyn van natriumlig (λ 589 nm) uitgevoer.

3.1.5 Smeltpunte

Smeltpunte is met 'n Reichert Thermopan mikroskoop (Koffler "hot stage") bepaal en die waardes word ongekorrigeerd aangegee.

3.2 Fitochemiese ondersoek na kernhoutkomponente van *Pericopsis elata* (Harms)

Die hout wat gedurende die ondersoek gebruik is, is deur die firma Mullin en Champion, Mackenziestraat, Bloemfontein, voorsien.

Na ontvetting [heksaan (3 x 18 l, 24 uur elk)] is die boorsels (ongeveer 10 kg) met asetoon (3 x 18 l, 24 uur elk) geëkstrakeer en die ekstrak ingedamp (60°C) om 'n donkerbruin residu (40 g), wat met kolomchromatografie (Sephadex) in 12 fraksies geskei is, te lewer (Tabel 3.1).

Tabel 3.1

Fraksie	retensietyd (uur)	massa (g)
1	34	0,13
2	68	0,33
3	110	0,09
4	156	1,92
5	205	16,55
6	258	2,09
7	301	2,81
8	344	4,99
9	390	4,91
10	437	1,57
11	471	0,87
12	509	1,28

Fraksies 1 - 4 en 10 - 12 is vanweë die kompleksiteit en/of relatief lae voorkoms daarvan, nie verder ondersoek nie.

3.2.1 Herfraksionering van fraksie 5

Kolomchromatografie (benseen : asetoon, 8:2) van fraksie 5 (5 g) het vyf subfraksies gelewer, (Tabel 3.2).

Tabel 3.2

Fraksie	retensietyd (uur)	massa (g)
5.1	8	0,32
5.2	61	2,80
5.3	115	0,04
5.4	160	0.04
5.5	199	0,01

DLC ondersoek het getoon dat fraksie 5.3 'n mengsel van fraksies 5.2 en 5.4 is en dus is dit nie verder ondersoek nie.

(a) (±)-4-O-Asetiel-2-O-metielangolensin [229]⁵

Asetilering en DLC-suiwering (benseen : asetoon, 8:2) van fraksie 5.1 (30 mg) het (±)-4-O-asetiel-2-O-metielangolensin (R_F 0,64) as 'n oranjegeel olie (15 mg) gelewer;

δ [$CDCl_3$, TMS int. std., 300 MHz, 292 K, plaat 1]

7.72 (d, J9.0, H-6), 7.13 (d, J8.5, H-2',6'), 6.81 (d, J8.5, H-3',5'), 6.69 (dd, J2.5 en 9.0, H-5), 6.55 (d, J2.5, H-3), 4.47 (k, J7.0, H- α), 3.78 en 3.74 (elk s, 2 x OMe), 2.37 (s, OAc), 1.43 (d, J7.0, α - CH_3);

MS (Skema I) m/z 328 (5,0%, M^+), 193(77), 151(100),
135(33).

(b) (R)-Angolensin [13]¹⁹

(R)-Angolensin (R_F 0,48) is na DLC-skeiding (heksaan : asetoon :
etielasetaat, 65:20:15) van fraksie 5.2 (50 mg) as viskose geel olie
(24 mg) geïsoleer;

$\delta[(CD_3)_2CO$, TMS int. std, 300 MHz, 292 K, plaat 2]

8.58 (s, OH), 7.90 (d, J9.0, H-6), 7.29 (d, J9.0, H-2',6'), 6.86
(d, J9.0, H-3',5'), 6.36 (dd, J.2.5 en 9.0, H-5), 6.31 (d, J2.5,
H-3), 4.81 (k, J7.0, H- α), 3.73 (s, OMe), 1.44 (d, J7.0, α -CH₃);

MS (Skema I) m/z 272 (14%, M^+), 137(100), 135(72).

(c 0,0512, CH₃OH, plaat 1)

$[\theta]_{209}$ 0, $[\theta]_{231}$ $-3,1 \times 10^{-4}$, $[\theta]_{240}$ 0, $[\theta]_{266}$ $2,7 \times 10^{-4}$,
 $[\theta]_{279}$ 0, $[\theta]_{287}$ $-1,1 \times 10^{-4}$, $[\theta]_{295}$ $-1,0 \times 10^{-4}$,
 $[\theta]_{315}$ $-1,4 \times 10^{-4}$, $[\theta]_{225}$ 0.

(c) 7-Asetoksi-4'-metoksi-isoflavoön (7-O-asetielformononetin) [230]

Na asetilering en DLC-skeiding (heksaan : asetoon : etielasetaat,
65:20:15) van fraksie 5.4 (30 mg) is 7-asetoksi-4'-metoksi-
isoflavoön (R_F 0,52) as wit naalde (15 mg) uit etanol verkry;
spt. 166-168°C (lit.^{94,184,185,186} 166-172°C);

$\delta[CDCl_3$, TMS int. std., 300 MHz, 292 K, plaat 3]

8.32 (d, J8.5, H-5), 7.97 (s, H-2), 7.50 (d, J9.0, H-2',6'), 7.30 (d,
J2.0, H-8), 7.16 (dd, J2.5 en 9.0, H-6), 6.97 (d, J9.0, H-3',5') 3.82
(s, OMe), 2.37 (s, OAc);

MS (Skema II) m/z 310 (90%, M^+), 268 (100), 253(14), 137(7,4), 132(69).

(d) 4',6,7-Trimetoksi-isoflavoön [231]

Asetilering en DLC-skeiding (benseen : asetoon, 8:2) van fraksie 5.5 (10 mg) het 4',6,7-trimetoksi-isoflavoön (R_F 0,45) as 'n wit amorfte vaste stof (2,4 mg) spt. 170-172°C (lit. ¹⁸⁷ 174-175°C) gelewer;

$\delta[(CD_3)_2CO, TMS \text{ int. std.}, 300 \text{ MHz}, 292 \text{ K}, \text{ plaat } 4]$

8.24 (s, H-2), 7.58 (d, J9.0, H-2',6'), 7.52 (s, H-5), 7.11 (s, H-8), 6.99 (d, J9.0, H-3',5'), 3.99, 3.93 en 3.84 (elk s, 3xOMe);

MS (Skema II) m/z 312 (100%, M^+), 180(23), 165(14), 151(30), 132(7,0), 121(26).

3.2.2 Herchromatografering van fraksie 6

DLC-skeiding (benseen : asetoon, 8:2) van fraksie 6 (2 g) het agt subfraksies gelewer (Tabel 3.3).

Tabel 3.3

Fraksie	R_F	Massa (mg)
6.1	0,76	300
6.2	0,69	43
6.3	0,57	100
6.4	0,48	52
6.5	0,40	80
6.6	0,34	20
6.7	0,24	2
6.8	0,14	60

Asetilering en DLC-skeiding (heksaan : asetoon : etielasetaat, 65:20:15) van fraksies 6.1 (300 mg) en 6.3 (100 mg) het onderskeidelik (*R*)-2,4-di-*O*-asetielangolensin (220 mg, R_F 0,48) en 7-asetoksi-4'-metoksi-isoflavoon (80 mg, R_F 0,52) identies aan dié uit fraksies 5.2 en 5.4 respektiewelik gelewer.

(a) (±)-7-Asetoksi-4'-metoksi-isoflavanoon [232]

(±)-7-Asetoksi-4'-metoksi-isoflavanoon (R_F 0,63) is na asetilering en DLC-skeiding (heksaan : asetoon : etielasetaat, 65:20:15) van fraksie 6.2 (20 mg) as liggeel amorfe vastestof (1,5 mg) spt. 152-153°C (lit.¹⁸⁸ 149-151°C) verkry;

δ [(CD₃)₂CO, TMS int. std., 300 MHz, 297 K, plaat 5]

7.89 (d, J9.0, H-5), 7.26 (d, J9.0, H-2',6'), 6.92 (d, J9.0, H-3',5'), 6.87 (dd, J2.0 en 9.0, H-6), 6.85 (d, J2.0, H-8), 4.77 (dd, J9.0 en 12.0, H-2 *ekw*), 4.71 (dd, J5.0 en 12.0, H-2 *aks*), 4.07 (dd, J5.0 en 9.0, H-3), 3.78 (s, OMe), 2.10 (s, OAc);

MS (Skema III) m/z 312 (16%, M⁺), 270(2,7), 137(3,2), 134(100), 119(14).

(b) (*R*)- α ,2',4'-Tri-asetoksi-4-metoksidihydrochalkoon [233]

Asetilering gevolg deur DLC-skeiding (heksaan : asetoon : etielasetaat, 65:20:15) van fraksie 6.3 (100 mg) het (*R*)- α ,2',4'-tri-asetoksi-4-metoksidihydrochalkoon (R_F 0,40) as 'n liggeel olie (110 mg) gelewer; (gevind: C, 63.9; H, 5.4; C₂₂H₂₂O₈ vereis C, 63.8; H, 5.4%);

δ [CDCl₃, TMS int. std., 300 MHz, 297 K, plaat 6]

7.77 (d, J9.0, H-6'), 7.10 (d, J8.5, H-2,6), 7.09 (dd, J2.5 en 9.0, H-5'), 7.01 (d, J2.5, H-3'), 6.81 (d, J8.5, H-3,5), 5.91 (dd, J4.0 en 9.0, H- α), 3.78 (s, OMe), 3.07 (dd, J4.0 en 15.0) en 2.93 (dd, J9.0 en 15.0)(β -CH₂), 2.30 en 2.08 (elk s, 3xOAc);

MS (Skema IV) m/z 414 (1,1%, M^+), 354(34), 312(29), 270(18), 221(17), 179(51), 137(78), 134(12), 121(100);

(c 0,0600, CH_3OH , plaat 1)

$[\theta]_{210}^0$, $[\theta]_{233}^{-2,0 \times 10^{-4}}$, $[\theta]_{258}^0$, $[\theta]_{267}^{0,3 \times 10^{-4}}$, $[\theta]_{281}^0$,
 $[\theta]_{295}^{-0,2 \times 10^{-4}}$, $[\theta]_{343}^0$.

(c) 7-Asetoksi-4',6-dimetoksi-isoflavoon (7-O-asetielafrormosin)
 [234]

Isosflavoon [234] (R_F 0.70) is na asetilering en DLC-skeiding (benseen : aseton, 8:2) van fraksie 6.4 (52 mg) as fyn wit naaldjies uit etanol verkry; spt. 164-166°C (lit.^{6,189} 165-173°C)

δ [$CDCl_3$, TMS int. std., 300 MHz, 292 K, plaat 7]

7.96 (s, H-2), 7.75 (s, H-5), 7.50 (d, J9.0, H-2',6'), 7.23 (s, H-8), 6.97 (d, J9.0, H-3',5'), 3.92 en 3.82 (elk s, 2xOMe), 2.35 (s, OAc);

MS (Skema V) m/z 340 (47%, M^+), 310(55), 298(100), 268(66), 166(12), 132(46).

(d) (R)-4',7-Di-asetoksiflavanoon (4',7-di-O-asetielliquiritigenin)
 [235]

(R)-4',7-di-asetoksiflavanoon (R_F 0,44) is na asetilering en DLC-skeiding (heksaan : aseton : etielasetaat, 65:20:15) van fraksie 6.5 (20 mg) verkry. Kristallisasie uit etanol lewer wit naalde (22 mg); spt. 180-181°C (lit.^{5, 185} 178°C);

δ [$CDCl_3$, TMS int. std., 300 MHz, 292 K, plaat 8]

7.95 (d, J9.0, H-5), 7.48 (d, J9.0, H-2',6'), 7.16 (d, J9.0, H-3',5'), 6.83 (d, J2.5, H-8), 6.81 (dd, J2.5 en 9.0, H-6),

5.49, (dd, J3.0 en 13.0, H-2), 3.05 (dd, J13.0 en 17.0, H-3 *aks*), 2.87 (dd, J3.0 en 17.0, H-3 *ekw*), 2.37 (s, 2xOAc);

MS (Skema VI) m/z 340 (68%, M^+), 298(78), 256(70), 221(21), 179(40), 162(10), 150(22), 137(100), 120(100), 107(22);

(c 0,0500, CH_3OH , plaat 2)

$[\theta]_{230}^0$, $[\theta]_{249}^0$ $0,3 \times 10^{-4}$, $[\theta]_{268}^0$ $0,2 \times 10^{-4}$, $[\theta]_{297}^0$ $0,4 \times 10^{-4}$,
 $[\theta]_{318}^0$, $[\theta]_{329}^0$ $-0,2 \times 10^{-4}$, $[\theta]_{354}^0$ 0;

$[\alpha]_D^{25} = + 6.5^0$, (0,0102 g/ml; $CHCl_3$).

(e) 4',7-Di-asetoksi-isoflavoon (4',7-di-O-asetieldaidzein) [236]

Asetilering gevolg deur DLC-skeiding (heksaan : asetoon : etielasetaat, 60:25:15) van fraksie 6.6 (10 mg) het 4',7-di-asetoksi-isoflavoon (R_F 0,56), as wit naalde (5 mg) uit etanol gelewer; spt. 183-185°C (lit. ^{126,184} 189°C);

$\delta[CDCl_3]$, TMS int. std., 300 MHz, 292 K, plaat 9]

8.33 (d, J9.0, H-5), 8.01 (s, H-2), 7.59 (d, J8.5, H-2',6'), 7.32 (d, J2.0, H-8), 7.18 (dd, J2.0 en 9.0, H-6), 7.17 (d, J8.5, H-3',5'), 2.37 en 2.32 (elk s, 2xOAc);

MS (Skema VII) m/z 338 (23%, M^+), 296(98), 254(100), 137(36), 118(18).

(f) (i) (R)- α ,2',4,4'-tetra-asetoksidihydrochalkoon¹⁰ [237]

Uit fraksie 6.6 (120 mg) is 'n tweede komponent nl. (R)- α ,2',4,4'-tetra-asetoksidihydrochalkoon (R_F 0,31), na asetilering en DLC-skeiding (heksaan : asetoon : etielasetaat, 65:20:15), as 'n *liggeel olie* (100 mg) geïsoleer;

δ [CDCl₃, 300 MHz, 298 K, plaat 10a]

7.78, (d, J8.5, H-6'), 7.21 (d, J8.5, H-2,6), 7.11 (dd, J2.0 en 8.5, H-5'), 7.02 (d, J2.0, H-3'), 7.00 (d, J8.5, H-3,5), 5.92 (dd, J4.0 en 9.0, H- α), 3.12 (dd, J4.0 en 15.0) en 2.98 (dd J9.0 en 15.0)(β -CH₂), 2.31, 2.30, 2.28 en 2.08 (elk s, 4xOAc);

MS (Skema IV) m/z 442 (0,7%, M⁺), 382(33), 340(31), 298(28), 256(16), 221(49), 162(1,1), 137(100), 120(3,0), 107(34);

(c 0,0640, CH₃OH, plaat 2)

$[\theta]_{205}^0$, $[\theta]_{215}^{-1,0 \times 10^{-4}}$, $[\theta]_{219}^{-0,7 \times 10^{-4}}$, $[\theta]_{237}^{-1,9 \times 10^{-4}}$,
 $[\theta]_{281}^0$.

(ii) (-)-(R)- α ,2',4,4'-tetrahydroksidihydrochalkoon [238]

Die asetaat [10] (100 mg) is in metanol (5 ml) opgelos en metanoliese KOH-oplossing (2,5% m/v; 2 ml) is bygevoeg. Nadat die reaksiemengsel by kamertemperatuur geroer is (30 min.) is met etielasetaat geëkstraheer en met DLC (dichlooretaan : aseton, 8:2) gesuiwer om die hidroksiverbinding (R_F 0,36) as liggeel olie (16 mg) te lewer;

δ [(CD₃)₂CO, TMS int. std., 300 MHz, 298 K, plaat 10b]

9.79, 9.09 en 8.23 (elk s, 3 x OH), 7.90 (d, J9.0, H-6'), 7.04 (d, J9.0, H-2,6), 6.71 (d, J9.0, H-3,5), 6.46 (dd, J2.5 en 9.0, H-5'), 6.36 (d, J2.5, H-3'), 5.18 (ddd, J5.0, 8.0 en 8.0, H- α), 4.30 (d, J8.0, α -OH), 3.05 (dd, J5.0 en 14.0) en 2.86 (dd, J8.0 en 14.0)(β -CH₂);

$[\alpha]_D^{20} = -53^{\circ}$, (0,0032 g/ml; MeOH)

(g) 3-(2,4-Di-asetoksifeniel)-4-(4-asetoksibensiel)-2-buten-4-olied [239]

As finale komponent uit fraksie 6 is 3-(2,4-di-asetoksifeniel)-4-(4-asetoksibensiel)-2-buten-4-olied (R_f 0,63; bloupers met swaelsuur/formaldehyd) na asetilering en DLC-skeiding (benseen : asetoon, 8:2) van fraksie 6.8 (60 mg) as *roomkleurige naalde* (22 mg) uit chloroform verkry; spt. 151-153°C (gevind: C, 65.04; H, 4.8; $C_{23}H_{20}O_8$ vereis C, 65.1; H, 4.7%);

$\delta[(CD_3)_2CO, 300\text{ MHz, }297\text{ K, plaat }11]$

7.67 (d, J9.0, H-6'), 7.19 (dd, J2.5 en 9.0, H-5'), 7.17 (d, J2.5, H-3'), 7.02 (d, J9.0, H-2",6"), 6.91 (d, J9.0, H-3",5"), 5.28 (d, J1.5, H-2), 5.94 (ddd, J1.5, 4.0 en 7.0, H-4), 3.20 (dd, J4.0 en 15.0) en 2.82 (dd, J7.0 en 15.0)(6-CH₂), 2.33, 2.30 en 2.22 (elk s, 3xOAc);

^{13}C -KMR: [$CDCl_3, 75.4\text{ MHz, }292\text{ K, plaat }11b]$

δ 171.88 (C-1), 169.19, 168.33 en 167.90 (3xCO), 161.92(C-4"), 152.57(C-4'), 149.63(C-2'), 148.73(C-3), 132.04(C-1"), 130.47(C-2",6"), 129.30(C-6'), 121.45(C-3",5"), 120.77 (C-1'), 119.74(C-5'), 118.55(C-3'), 117.66(C-2), 82.70(C-4), 33.24(C-6), 21.23, 21.18 en 21.15(3xOCOCH₃);

2D-KMR (1H - 1H korrelasies, $CDCl_3$, plaat 11c)

H-6 - H-4, H-2",6" - H-6, H-6 - H-2
H-4 - H-2, H-2 - H-6';

MS (Skema VIII) m/z 424 (100%, M^+), 396(17), 382(98), 364(27), 340(20), 296(20), 272(20), 237(27), 192(13), 149(83), 107(25).

3.2.3 Herchromatografering van fraksie 7

DLC-skeiding (benseen : asetoon, 8:2) van fraksie 7 (2 g) het vyf subfraksies gelewer:

Tabel 3.4

Fraksie	R _F	Massa (mg)
7.1	0,85	30
7.2	0,62	311
7.3	0,45	266
7.4	0,38	908
7.5	0,35	170

Fraksie 7.4 was identies aan fraksie 6.5 en het (*R*)-4',7 di-asetoksiflavanon (R_F 0.44; heksaan : aseton : etielasetaat; 65:20:15) bevat, terwyl fraksie 7.5 as (*R*)- α ,2',4,4'-tetra-asetoksidihidrochalkoon identies aan die α -hidroksidihidrochalkoon [237] (R_F 0,31; heksaan : aseton : etielasetaat, 65:20:15) uit fraksie 6.6 geïdentifiseer is.

(a) (6a*R*, 11a*R*)-3,9-Dimetoksipteroarpaan (Homopterocarpin) [240]

(6a*R*, 11a*R*)-3,9-Dimetoksipteroarpaan (R_F 0,85) is as wit naalde (28 mg) uit etanol, na asetilering en DLC-skeiding (benseen : aseton, 9:1) van fraksie 7.1 (30 mg) verkry; spt. 86-87°C (lit.⁵ 85°C);

δ [CDCl₃, 300 MHz, 297 K, plaat 12]

7.41 (d, J9.0, H-1), 7.11 (d, J9.0, H-7), 6.63 (dd, J2.5 en 9.0, H-2), 6.44 (dd, J2.0 en 9.0, H-8), 6.44 (d, J2.5, H-4), 6.42 (d, J2.5, H-10), 5.50 (d, J7.0, H-11a), 4.23 (dd, J5.0 en 11.0, H-6 *ekw*), 3.78 en 3.75 (elk s, 2xOMe), 3.63 (dd, J11.0, H-6 *aks*), 3.50 (ddd, J5.0, 7.0 en 11.0, H-6a);

MS (Skema IX) *m/z* 284 (88%, M⁺), 269(22), 161(21), 150(13), 148(26), 142(12), 136(1,2), 123(4,5);

(e 0,0632, CH₃OH, plaat 3)

$[\theta]_{221} -1,7 \times 10^{-4}$, $[\theta]_{230} -5,1 \times 10^{-4}$, $[\theta]_{252} 0$, $[\theta]_{281} 1,8 \times 10^{-4}$,
 $[\theta]_{300} 0$.

(b) 5,7-Di-asetoksi-4'-metoksi-isoflavoon (5,7-di-O-asetiel-
 biochanin A) [241]

Na asetilering en DLC-skeiding (benseen : asetoon, 9:1) van fraksie 7.2 (300 mg) is 5,7-di-asetoksi-4'-metoksi-isoflavoon (R_F 0,63) as wit naalde (25 mg) uit *aq.* etanol, verkry; spt. 189°C (lit.^{184,185} 191-193°C);

$\delta[(CD_3)_2CO$, TMS int. std., 300 MHz, 297 K, plaat 13]

8.26 (s, H-2), 7.49 (d, J9.0, H-2',6'), 7.35 (d, J2.0, H-8), 6.99 (d, J9.0, H-3',5'), 6.97 (d, J2.0, H-6), 3.83 (s, OMe), 2.33 en 2.32 (elk s, 2xOAc);

MS (Skema X) m/z 368 (14%, M⁺), 326(48), 284(100), 152(3,8), 133(5,0).

(c) 2',7-Di-asetoksi-4',6-dimetoksi-isoflavoon [242]

Isoflavoon [242] (R_F 0,45) is na asetilering en DLC-skeiding (heksaan : asetoon : etielasetaat, 65:20:15) van fraksie 7.3 (200 mg) as *liggeel naalde* (79 mg) uit etanol, verkry; spt. 168-169°C (gevind: C, 61.23; H, 4.41; C₂₁H₁₈O₈ vereis C, 63.32; H, 4.55%);

$\delta[CDCl_3$, 300 MHz, 298 K, plaat 14]

7.84 (s, H-2), 7.70 (s, H-5), 7.22 (d, J9.0, H-6'), 7.21 (s, H-8), 6.83 (dd, J2.5 en 9.0, H-5'), 6.73 (d, J2.5, H-3'), 3.92 en 3.83 (elk s, 2xOMe), 2.37 en 2.13 (elk s, 2xOAc);

MS (Skema V) m/z 398 (25%, M^+), 356(39), 339(12), 314(67), 297(33), 175(14), 166(9,0), 148(100), 132(46).

3.2.4 Herchromatografering van fraksie 8

Kolomchromatografie (benseen : asetoon, 8:2) van fraksie 8 (5 g) het ses subfraksies gelewer.

Tabel 3.5

Fraksie	Retensietyd (uur)	Massa (mg)
8.1	19	200
8.2	40	480
8.3	55	352
8.4	68	480
8.5	81	277
8.6	98	210

Fraksie 8.1 (200 mg) is na asetilering en DLC-skeiding (benseen : asetoon, 9:1) as 5,7-di-asetoksi-4'-metoksi-isoflavoon (R_F 0,63; 56 mg) geïdentifiseer en is dus identies aan fraksie 7.2.

Asetilering gevolg deur DLC-skeiding (heksaan : asetoon : etielasetaat, 65:20:15) van fraksie 8.3 (352 mg) het onder andere (*R*)-4',7-di-asetoksiflavanon (R_F 0,44; 52 mg), identies aan dié uit fraksie 6.5, gelewer.

(a) 3',5,7-Tri-asetoksi-4'-metoksi-isoflavoon (3',5,7-tri-*O*-asetielpratensein) [243]

Na asetilering en DLC-skeiding (benseen : asetoon : metanol, 96:3:1) van fraksie 8.2 (480 mg) is 3',5,7-tri-asetoksi-4'-metoksi-isoflavoon (R_F 0,24) as kleurlose plaatjies (30 mg) uit etanol verkry; spt. 170-172°C (lit. ¹⁹⁰ 175-177°C);

δ [CDCl₃, TMS int. std., 300 MHz, 298 K, plaat 15]

7.88 (s, H-2), 7.33 (dd, J2.5 en 8.0, H-6'), 7.24 (d, J2.0, H-6),
7.20 (d, J2.5, H-2'), 7.01 (d, J8.0, H-5'), 6.85 (d, J2.0, H-8), 3.85
(s, OMe), 2.42, 2.34 en 2.33 (elk s, 4xOAc);

MS (Skema X) m/z 426 (15%, M⁺), 384(30), 342(100), 300(100),
285(23), 271(23), 152(6,5), 148(14), 119(13).

(b) 2',5,7-tri-asetoksi-4'-metoksi-isoflavanon (2',5,7-tri-
O-asetielferreirin) [244]

Die R_F 0,44 komponent is na asetilering en DLC-skeiding
(dichlooretaan : asetoon : metanol, 95:4:1) van fraksie 8.2
(480 mg) as 2',5,7-tri-asetoksi-4'-metoksi-isoflavanon geïdenti-
fiseer. Kristallisasie uit benseen-metanol lewer liggeel plaatjies
(15 mg) spt. 210-213°C (lit.^{80,73,191} 209-211°C);

δ [CDCl₃, 300 MHz, 298 K, plaat 16]

7.05 (d, J9.0, H-6'), 6.77 (dd, J2.5 en 9.0, H-5'), 6.73 (d, J2.0,
H-6), 6.70 (d, J2.5, H-3'), 6.50 (d, J2.0, H-8), 4.53 (dd, J11.0 en
11.0, H-2 aks), 4.43 (dd, J7.0 en 11.0, H-2 ekw), 4.03 (dd, J7.0 en
11.0, H-3), 3.77 (s, OMe), 2.30, 2.29 en 2.24 (elk s, 3xOAc);

MS (Skema III) m/z 428 (6,1%, M⁺), 386(18), 368(19), 344(23),
326(23), 302(9,8), 284(19), 195(32), 192(47), 153(47), 150(100),
121(18);

(c 0,0536, CH₃OH, plaat 4)

$[\theta]_{200}$ $0,9 \times 10^{-4}$, $[\theta]_{203}$ $1,7 \times 10^{-4}$, $[\theta]_{210}$ 0, $[\theta]_{218}$ $-1,4 \times 10^{-4}$,
 $[\theta]_{224}$ 0, $[\theta]_{226}$ $0,2 \times 10^{-4}$, $[\theta]_{229}$ 0, $[\theta]_{230}$ $-0,1 \times 10^{-4}$, $[\theta]_{232}$ 0.

(c) (R)-4',5,7-Tri-asetoksiflavanoon ((R)-4',5,7-tri-O-asetiel-narengenin) [245]

Asetilering en DLC-skeiding (benseen : asetoon : metanol, 96:3:1) van fraksie 8.2 (480 mg) het (R)-4',5,7-tri-asetoksiflavanoon (R_F 0,53) as *liggeel naalde* (159 mg) uit etanol gelewer; spt. 128-129⁰C (lit.^{192,193} 125,5-126,5⁰C);

δ [CDCl₃, 300 MHz, 297 K, plaat 17]

7.42 (d, J9.0, H-2',6'), 7.12 (d, J9.0, H-3',5'), 6.75 (d, J2.0, H-6), 6.51 (d, J2.0, H-8), 5.45 (dd, J3.0 en 14.0, H-2), 3.00 (dd, J14.0 en 17.0, H-3 *aks*), 2.73 (dd, J3.0 en 17.0, H-3 *ekw*), 2.35, 2.28 en 2.26 (elk s, 3xOAc);

MS (Skema VI) m/z 398 (7,0%, M⁺), 356(100), 314(63), 272(63), 255(21), 179(22), 166(36), 152(46), 120(85), 107(21);

(c 0,0508, CH₃OH, plaat 5)

$[\theta]_{250}^{-0,1 \times 10^{-4}}$, $[\theta]_{300}^{-1,4 \times 10^{-4}}$, $[\theta]_{319}^0$, $[\theta]_{331}^{1,0 \times 10^{-4}}$,
 $[\theta]_{372}^0$;

$[\alpha]_D^{25} = + 10.1^0$, (0,010 g/ml; CHCl₃).

(d) 2',4,4'-Tri-asetoksichalkoon(2',4,4'-tri-O-asetielisoliquiritigenin) [246]

2',4,4'-Tri-asetoksichalkoon (R_F 0,47) is as geel plaatjies (59 mg) uit *aq.* etanol na asetilering en DLC-skeiding (benseen : asetoon : metanol, 96:3:1) van fraksie 8.3 (300 mg) verkry; spt. 122-124⁰C (lit.¹⁹⁴ 120-120,5⁰C);

δ [CDCl₃, 300 MHz, 297 K, plaat 18]

7.71 (d, J8.5, H-6'), 7.57 (d, J8.5, H-2,6), 7.55 (d, J16.0, H-8), 7.12 (d, J8.5, H-3,5), 7.10 (d, J16.0, H- α), 7.10 (dd, J8.5 en 2.0, H-5'), 6.99 (d, J2.0, H-3'), 2.29, 2.28 en 2.21 (elk s, 3xOAc);

MS (Skema XI) m/z 382 (23%, M^+), 340(47), 298(63), 256(100), 163(40), 150(40), 137(72), 120(32), 107(43).

(e) 4',5,7-Tri-asetoksi-isoflavoon (4',5,7-tri-O-asetielgenistein)
[247]

4',5,7-Tri-asetoksi-isoflavoon (R_F 0,52) is na asetilering en DLC-skeiding (benseen : asetoon, 95:5) van fraksie 8.3 (300 mg) as wit naalde (99 mg) uit etanol verkry; spt. 196-197°C (lit.^{186,195} 200°C);

δ [$CDCl_3$, 300 MHz, 297 K, plaat 19]

7.82 (s, H-2), 7.41 (d, J8.5, H-2',6'), 7.17 (d, J2.0, H-6), 7.07 (d, J8.5, H-3',5'), 6.79 (d, J2.0, H-8), 2.34, 2.27 en 2.24 (elk s, 3xOAc);

MS (Skema VII) m/z 396 (6,0%, M^+), 354(23), 312(68), 298(13), 270(100), 153(26), 132(1,0), 118(17).

(f) 3,4',5-Trihidroksi-3'-metoksi-*trans*-stilbeen¹⁹⁶
(Isorhapontigenin) [248]

Direkte DLC-skeiding (benseen : asetoon, 8:2) van fraksie 8.4 (480 mg) het 3,4',5-trihidroksi-3'-metoksi-*trans*-stilbeen (R_F 0,30) as wit amorfe vaste stof (24 mg) gelewer);

δ [(CD_3)₂CO, TMS int. std., 300 MHz, 297 K, plaat 20]

8.27 (s, 2xOH), 7.78 (s, OH), 7.22 (d, J2.5, H-2'), 7.03 (d, J16.0, H- α), 7.01 (dd, J2.5 en 8.0, H-6'), 6.92 (d, J16.0, H- β), 6.82 (d, J8.0, H-5'), 6.55 (d, J2.5, H-2,6), 6.28 (t, J2.5, H-4), 3.90 (s, OMe).

(g) 3-(3,5-Di-asetoksisiriël)-4-(metiel asetoksi)-2-buten-4-olied [249]

Na asetilering en DLC-skeiding (heksaan : asetoon : etielasetaat, 65:20:15) van fraksie 8.5 (227 mg) is 4-(3,5-di-asetoksisiriël)-

4-(metiel asetoksi)-2-buten-4-olied as *liggeel olie* (15 mg)
 verkry (gevind C, 61.03; H, 4.94; $C_{19}H_{18}O_8$ vereis C, 60.96; H,
 4.84%);

δ [$CDCl_3$, 300 MHz, 298 K, plaat 21a]

7.06 (d, J2.0, H-2',6'), 6.86 (t, J2.0, H-4'), 6.85 (d, J16.5, H- β),
 6.77 (d, J16.5, H- α), 6.03 (d, J1.5, H-2), 5.58 (ddd, J1.5, 3.5 en
 8.5, H-4), 2.90 (dd, J3.5 en 16.5) en 2.53 (dd, J8.5 en 16.5)
 (2x 6- \underline{CH}_2), 3.69 (s, OMe), 2.23 (s, 2xOAc);

^{13}C -KMR : [$CDCl_3$, 75.4 MHz, 297 K, plaat 21b]

171.60, 169.55, 168.69 en 162.95 (4xCO), 151.42 (C-3',5'), 136.77
 (C-3), 136.51 (C-2 en C-1'), 119.56 (C-4'), 117.64 (C-2',6'), 117.13
 (C- α), 116.75 (C- β), 77.90 (C-4), 77.21 (C-1), 52.42 (OCH₃), 39.01
 (C-6), 21.15 (2xOCO \underline{CH}_3);

MS (Skema XII) m/z 374 (23%, M^+), 332(21), 304(20), 290(51),
 288(37), 272(20), 262(41), 258(34), 247(19), 246(100), 217(34),
 212(34), 203(69), 189(69), 173(61), 161(26).

(h) 3,4',5-Trihidroksi-*trans*-stilbeen (Resveratrol) [250]

3,4',5-Trihidroksi-*trans*-stilbeen (R_F 0,27) is na DLC-skeiding
 (benseen : asetoon, 8:2) van fraksie 8.6 (100 mg) as 'n geelbruin
 amorfe vaste stof (62 mg) geïsoleer; spt. 266-267°C
 (lit.¹⁹⁷ 263-264°C);

δ [(CD_3)₂CO, TMS int. std., 300 MHz, 297 K, plaat 22]

8.55 (s, OH), 8.28 (s, 2xOH), 7.42 (d, J9.0, H-2',6'), 7.03 (d,
 J16.0, H- α), 6.89 (d, J16.0, H- β), 6.84 (d, J9.0, H-3',5'),
 6.55 (d, J2.0, H-2,6), 6.28 (t, J2.0, H-4).

3.2.5 3,3',4',5-Tetrahidroksi-*trans*-stilbeen (Piceatannol) [16]

Kristallasie van fraksie 9 (4,91 g) uit etanol het 3,3',4',5-tetrahidroksi-*trans*-stilbeen as roomkleurige plaatjies (4 g) gelewer; spt. 228°C (lit. ^{198,199} 229°C);

δ [(CD₃)₂CO, 300 MHz, 298 K, plaat 23]

8.18 (s, OH), 7.06 (d, J2.0, H-2'), 6.94 (d, J16.0, H- α), 6.89 (dd, J2.0 en 8.0, H-6'), 6.81 (d, J16.0, H- β), 6.79 (d, J8.0, H-5'), 6.51 (d, J2.0, H-2,6), 6.25 (t, J2.0, H-4).

3.3 Sintese van 7-hidroksi-4'-metoksi-isoflavanoon

3.3.1 2,4-Dihidroksi-4'-metoksideoksibensofen [251]²⁰⁰

Droë resorsinol (8 g), varsgesmelte sinkchloried (30 g) en 4-metoksi-fenielasetonitriël (10,66 g) is by kamertemperatuur in droë eter (400 ml) geroer, terwyl soutsuur voortdurend deur die reaksiemengsel geborrel is. Na 78 uur is water (50 ml) en gekonsentreerde HCl (2 ml) bygevoeg en die reaksiemengsel met eter (3 x 100 ml) geëkstraheer. Die ekstrak is met water (3 x 100 ml) suurvry gewas, ingedamp en m.b.v. DLC (benseen : asetoon, 9:1) gesuiwer om die deoksibensofen [251] (R_F 0,27) as 'n kleurlose olie (1,5 g) te lewer;

δ [(CD₃)₂CO, 300 MHz, 297 K, plaat 24]

7.95 (d, J9.0, H-6), 7.24 (d, J9.0, H-2',6'), 6.87 (d, J9.0, H-3',5'), 6.43 (dd, J2.5 en 9.0, H-5), 6.31 (d, J2.5, H-3), 4.21 (s, α -CH₂), 3.75 (s, OMe);

MS (Skema XIII) m/z 258 (4,7%, M⁺), 137 (100), 121(25).

3.3.2 Etoksimetilering van 2,4-dihidroksi-4'-metoksideoksibensofen [251]

Deoksibensofen [251] (960 mg), kaliumkarbonaat (500 mg) en chlorometietieteleter (350 mg) is vir agt uur by kamertemperatuur

in droë asetoon (150 ml) geroer, waarna die kaliumkarbonaat affil-
treer, die asetoon ingedamp en die reaksiemengsel m.b.v. DLC
(benseen : asetoon, 95:5) geskei is. 100 mg Deoksibensofen lewer
twee produkte, R_F 0,25 (14 mg) en R_F 0,17 (78 mg).

(a) 1-(4-O-Etoksimetiel-2-hidroksifeniel)-3-hidroksi-2-(4-metoksi-
feniel)propan-1-oon [252]²⁰¹

Die eerste produk (R_F 0,25), 'n kleurlose olie (14 mg), is as die
deoksibensofen [252] geïdentifiseer;

δ [CDCl₃, 300 MHz, 297 K, plaat 25]

7.60 (d, J9.0, H-6), 7.18 (d, J9.0, H-2',6'), 6.83 (d, J9.0,
H-3',5'), 6.54 (d, J2.5, H-3), 6.40 (dd, J2.5 en 9.0, H-5), 5.18
(s, OCH₂OEt), 4.65 (dd, J5.0 en 8.5, H- α), 4.20 (dd, J11.5 en 20.0)
en 3.81 (dd, J5.0 en 11.5)(β -CH₂), 3.74 (s, OMe), 3.65 (k, J7.0,
OCH₂CH₃), 1.17 (t, J7.0, OCH₂CH₃);

MS (Skema XIV) m/z 328 (M^+ -H₂O; 17%), 240(0,7), 195(36), 164(100),
137(13), 134(46), 121(15), 108(6,0).

(b) 1-(2,4-Di-O-etoksimetielfeniel)-3-hidroksi-2-(4-metoksi-
feniel)propan-1-oon [253]

Die hoofkomponent (R_F 0,17), 1-(2,4-di-O-etoksimetielfeniel)-3-
hidroksi-2-(4-metoksifeniel)propan-1-oon is as 'n kleurlose olie
(78 mg) verkry; gevind: M^+ -H₂O, 386,4541; C₂₂H₂₈O₇ vereis M,
386,4489.

δ [CDCl₃, 300 MHz, 297 K, plaat 26]

7.73 (d, J9.0, H-6), 7.08 (d, J9.0, H-2',6'), 6.76 (d, J2.5, H-3),
6.75 (d, J9.0, H-3',5'), 6.63 (dd, J2.0 en 9.0, H-5), 5.15 (s,
OCH₂OEt), 5.16 (d, J7.0) en 5.12 (d, J7.0)(OCH₂OEt), 4.81 (dd, J5.0
en 8.5, H- α), 4.13 (dd, J8.5 en 11.0) en 3.75 (dd, J5.0 en 11.0)

(β -CH₂), 3.69 (s, OMe), 3.48-3.68 (m, 2xOCH₂OCH₂CH₃), 2.61 (br s, (OH), 1.16 (t, J7.0, OCH₂OCH₂CH₃), 1.13 (t, J7.0, OCH₂OCH₂CH₃);

MS (Skema XV) m/z 386 ($M^+ - H_2O$; 1,1%), 328(1,8), 270(1,7), 255(47), 253(100), 195(43), 165(17), 137(19), 134(40), 121(15).

3.3.3 Ringsluiting van 1-(4-O-etoksimetiel-2-hidroksifeniel)-3-hidroksi-2-(4-metoksifeniel)propan-1-oon [252]

Die propanoon [252] (24 mg) is vir drie ure in 4% *aq.* etanoliese natriumkarbonaat (7 ml) by 60°C geroer, waarna ekstraksie met eter (3 x 20 ml), indamping en DLC-suiwering (heksaan : dichlooretaan : chloroform : etielasetaat, 50:25:15:10) twee produkte, R_F 0,55 (3 mg) en 0,38 (2 mg) gelewer het.

(a) 4-O-Etoksimetiel-2-hidroksi-4'-metoksideoksibensofen [254]²⁰¹

Die R_F 0,55 komponent, 4-O-etoksimetiel-2-hidroksi-4'-metoksideoksibensofen, is as kleurlose olie (3 mg) verkry;

δ [CDCl₃, 300 MHz, 297 K, plaat 27]

9.70 (s, OH), 7.75 (d, J9.0, H-6), 7.16 (d, J9.0, H-2',6'), 6.86 (d, J9.0, H-3'',5'), 6.58 (d, J2.5, H-3), 6.52 (dd, J2.5 en 9.0, H-5), 5.23 (s, OCH₂OEt), 4.15 (α -CH₂), 3.77 (s, OMe), 3.69 (k, J7.0, OCH₂OCH₂CH₃), 1.20 (t, J7.0, OCH₂OCH₂CH₃);

MS (Skema XIII) m/z 316 (10%, M^+), 195(100), 165(24), 137(32), 121(32).

(b) 7-O-Etoksimetiel-4'-metoksi-isoflavanoon [255]²⁰¹

Die isoflavanoon [255] (R_F 0,38) is as 'n kleurlose olie (2 mg) verkry;

δ [CDCl₃, 300 MHz, 297 K, plaat 28]

7.87 (d, J9.0, H-5), 7.18 (d, J9.0, H-2',6'), 6.86 (d, J9.0, H-3',5'), 6.68 (dd, J2.5 en 9.0, H-6), 6.61 (d, J2.5, H-8), 5.24 (s, OCH₂OEt), 4.62 (dd, J6.0 en 11.0, H-2 *ekw*), 4.57 (dd, J8.0 en 11.0, H-2 *aks*), 3.87 (dd, J6.0 en 8.0, H-3), 3.77 (s, OMe), 3.71 (k, J7.0, OCH₂OCH₂CH₃), 1.21 (t, J7.0, OCH₂OCH₂CH₃);

MS (Skema XVI) *m/z* 328 (3,6%, M⁺), 195 (1,7), 137 (1,6), 134(100), 121(3,8), 119(12).

3.3.4 Tosilering van 1-(2,4-di-*O*-etoksietiefeniel)-3-hidroksi-2-(4-metoksiefeniel)propan-1-oon [253]

Die beskermde α -hidroksietiefendeoksibensofen [253] (100 mg), *p*-tolueensulfonielchloried (94 mg), triëtielamien (50 mg) en N,N-dimetielaminopiridien (3 mg) is in piridien (1 ml) opgelos en vir 15 uur by kamertemperatuur gelaat. Byvoeging van verkrummelde ys, filtrasie en DLC-skeiding (dichlooretaan : aseton, 98:2) het twee produkte, R_F 0,60 (36 mg) en R_F 0,51 (36 mg) gelewer.

(a) 1-(2,4-Di-*O*-etoksietiefeniel)-2-(4-metoksiefeniel)-3-tosiel-oksipropan-1-oon [256]

Die tosielester [256] (R_F 0,60) is as *kleurlose olie* (36 mg) verkry; gevind: M⁺-HOTS, 386,4504; C₂₉H₃₄O₈S vereis M-HOTS, 386,4489.

δ [CDCl₃, 300 MHz, 298 K, plaat 29]

7,67 (d, J9.0, H-6), 7.65 (d, J9.0, H-2'',6''), 7.26 (d, J9.0, H-3'',5''), 7.04 (d, J9.0, H-2',6'), 6.77 (d, J2.5, H-3), 6.73 (d, J9.0, H-3',5'), 6.63 (dd, J2.5 en 9.0, H-5), 5.20 (d, J7.5) en 5.16 (d, J7.5)(OCH₂OEt), 5.07 (dd, J6.0 en 8.0, H- α), 4.61 (dd, J8.0 en 9.0) en 4.34 (dd, J6.0 en 9.0)(β -CH₂), 3.72 (s, OMe), 3.52 - 3.70 (m, 2xOCH₂OCH₂CH₃), 2.41 (s, CH₃), 1.18 (t, J7.0, OCH₂OCH₂CH₃), 1.16 (t, J7.0, OCH₂OCH₂CH₃);

MS (Skema XV) *m/z* 386 (M⁺-HOTS; 8,1%), 328(7,4), 270(45), 137(100), 134(32), 118(8,8).

(b) 1-(2,4-Di-O-etoksietiefeniel)-2-(4-metoksifeniel)-2-propen-1-oon [257]

Die titelverbinding (R_F 0,51) is as 'n *kleurlose olie* (51 mg) verkry; gevind: M^+ , 386,4497; $C_{22}H_{26}O_6$ vereis M, 386,4489.

δ [$CDCl_3$, 300 MHz, 298 K, plaat 30]

7.53 (d, J8.5, H-6), 7.33 (d, J9.0, H-2',6'), 6.84 (d, J9.0, H-3',5'), 6.80 (d, J2.0, H-3), 6.71 (dd, J2.0 en 8.5, H-5), 5.83 (d, J1.0) en 5.56 (d, J1.0)(β - CH_2), 5.22 (s, OCH_2OEt), 5.05 (s, OCH_2OEt), 3.78 (s, OMe), 3.71 (k, J7.0, $OCH_2OCH_2CH_3$), 3.56 (k, J7.0, $OCH_2OCH_2CH_3$), 1.21 (t, J7.0, $OCH_2OCH_2CH_3$), 1.13 (t, J7.0, $OCH_2OCH_2CH_3$);

MS (Skema (XVII) m/z 386 (11%, M^+) 328(9,8), 299(11), 270(3,0), 195(16), 192(21), 148(49), 137(30), 134(12).

3.3.5 Ringsluiting van tosieloksiopropanoon [258]

(a) 1-(2,4-Dihidroksifeniel)-2-(4-metoksifeniel)-3-tosieloksi-propan-1-oon [258]

Die beskermde tosieloksiopropanoon [256] is met 3N HCl (1 ml) en metanol (5 ml) onder terugvloei verhit. Na 15 minute is water (20 ml) bygevoeg, die reaksiemengsel met etielasetaat (3 x 20 ml) geëkstraheer en die gekombineerde ekstrakte met water (3 x 20 ml) suurvry gewas. DLC-skeiding (dichlooretaan : aseton, 95:5) het 1-(2,4-dihidroksifeniel)-2-(4-metoksifeniel)-3-tosieloksiopropan-1-oon [258], (R_F 0,42) as 'n *kleurlose olie* (26) mg gelewer; gevind: M^+ -HOTs, 270,2801; $C_{23}H_{22}O_6S$ vereis M-HOTs, 270,2876.

δ [$CDCl_3$, TMS int. std., 300 MHz, 297 K, plaat 31]

9.90 (s, OH), 7.69 (d, J8.5, H-2'',6''), 7.49 (d, J9.0, H-6), 7.29 (d, J8.5, H-3'',5''), 7.11 (d, J9.0, H-2',6'), 6.78 (d, J9.0, H-3',5'), 6.30 (d, J2.5, H-3), 6.25, (dd, J2.5 en 9.0, H-5), 4.80 (dd, J5.0 en

9.5, H- α), 4.65 (dd, J9.5 en 9.5) en 4.17 (dd, J5.0 en 9.5) (β -CH₂), 3.73 (s, OMe), 2.43 (s, CH₃);

MS (Skema XIV) m/z 270 (M^+ -HOTs; 63%), 137(100), 134(91), 123(25), 121(35).

(b) 7-Hidroksi-4'-metoksi-isoflavanoon [259]

Nadat die tosieloksipropan-1-oon [258] (20 mg), kaliumkarbonaat (6 mg) en droë asetoon (10 ml) vir 4 ure by kamertemperatuur geroer is, is die kaliumkarbonaat affiltreer, die asetoon ingedamp en 7-hidroksi-4'-metoksi-isoflavanoon [259] (R_F 0,43) as 'n amorfe vaste stof (3 mg) m.b.v. DLC-suiwering (dichlooretaan : asetoon, 95:5) verkry; spt. 190-192°C (lit.¹⁸⁸ 185-188°C);

